

die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 388 • Februarie 2026



*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag
van God en die wysheid van God – 1 Korinthiërs 1:23-24*

INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

Dissipline as Bybelse wysheid

REDAKSIONEEL

Ds. Schalk Strauss

Geestelike dissipline lei tot “muscle memory” 1

AMPTELIK 3

ONTVANG DIE WOORD

Ds. Jaques Powell

Hoe gemaak as Bybelse lyfstraf 'n strafbare oortreding is? 4

HOOFARTIKEL

Morné Diedericks

Om jou kinders te dissiplineer, is 'n Bybelse opdrag 6

ARTIKELS

Marius Kruger

Gehoorsame ouers kweek ongehoorsame kinders 8

Ds. Ruan Combrink

Standaard vir dissipline 12

Charlotte Fourie

Die waarde van gesonde dissipline vir kinderontwikkeling 14

Dr. Jonathan Leeman

Kerklike tug: Tien dinge wat jy moet weet 16

Alta Pretorius

Dissipline is meer as net reëls 18

Ds. Emilè Trollip

Godvresende dissipline 21

René Roux

Dissipline is die fondasie van 'n volk wat wil groei 22

AKTUEEL

Gedig: Verswelg deur sy liefde 10

Legitimasie 2026 19

Huldeblyke 20, 24

Gemeentenuus 25

Smeltoond: Hoop vir verandering in Iran neem toe binne-agterblad

IN DIE SPORE VAN GISTER

Alana Bailey

Georges de Villebois-Mareuil: Franse nasionale held wat vir Boerevryheid sterf 34

VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER

Pieta Oosthuizen

Dissipline 35

IN DIE VOLGENDE UITGAWE:

Ons bespreek die konsep van tyd vanuit 'n Bybelse perspektief. Hoe behoort gelowiges daarvoor te dink en daarmee besig te wees?

VOORBLAD:

'n Visuele voorstelling van 'n pa wat besig is om sy kind te dissiplineer.

REDAKSIE

Eindredakteur

Ds. HSW Strauss

Subredakteur

Mev. C Möller

Redaksielede

Di. RK Combrink,
EC Trollip, A Hough

Advertensies en briewe

Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.

BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE

**Gemeenskaplike
Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel

Tel.: 012 362 1390

Makoustraat 516,
Monumentpark x2

e-pos: info@apk.co.za

Webblad: www.apk.co.za

**Die Afrikaanse
Protestantse Akademie**

Tel.: 012 344 3960/1/2

e-pos: info@apa.ac.za

Webblad: www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:


BusinessPrint

Bladuitleg:

Die Boodskapper: M Langeveldt
Jeugboodskapper: R Grobler

Uitgegee deur:


Lig in Duisternis
UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za



Geestelike dissipline lei tot “muscle memory”

Ds. Schalk Strauss

Deur die genade van die Here is ek hierdie jaar reeds tien jaar hoof van publikasies by Lig in Duisternis Uitgewers en redakteur van *Die Boodskapper*. Uit die aard van die werk is proeflees en redigering belangrike en daaglikse aspekte van my werksaamhede. Hoewel dominees oor die algemeen baie skryf, was die skuif na Lig in Duisternis Uitgewers vir my 'n groot aanpassing. Ewe skielik kon ek nie net meer skryf nie, ek moes nou reg skryf! 'n Aanvoeling vir die Afrikaanse taal help natuurlik baie, maar dit vat jou net so ver. Dit het ek baie gou uitgevind.

Aan die begin het die proeflees en redigering van 'n teks my ure gevat. Ek moes soveel woorde naslaan en woordeboeke en hulpbronne raadpleeg om seker te maak ons skryf reg en keurig. Hoe meer ingeburger ek egter geraak het en met dieselfde taalkwessies te doen gekry het, hoe makliker het dit geraak. Omdat ek dit al soveel keer moes doen, hoef ek deesdae baie minder taalreëls na te slaan of die spelling van woorde te kontroleer. Daaglikse gebruik en inoefening (dissipline) lei daartoe dat sekere dinge tweede natuur word. In die sportwêreld noem hulle dit “muscle memory” – wanneer jy iets doen sonder om twee keer daaroor te dink. Ek raadpleeg steeds die taalbronne, maar nou nie meer noodwendig

om alledaagse taalkwessies na te gaan nie, maar om die peil van ons skryfwerk te verbeter.

Daar is 'n treffende ooreenkoms met geestelike dissipline. Die daaglikse gebruik en inoefening van die verskillende aspekte van 'n mens se geestelike lewe lei daartoe dat sekere dinge mettertyd tweede natuur word. Jou gees ontwikkel 'n soort “muscle memory” sodat die voor die hand liggende dinge sommer gou vanself kom. As gelowiges het ons egter nooit “gearriveer” nie, met ander woorde ons bereik nie volmaaktheid in hierdie lewe nie. Daarom hou ons gedissiplineerd vol om die Woord te bestudeer. Ons bly krap egter nie meer net op die oppervlak nie. Ons delf dieper sodat ons uiteindelik groter insig en volwassenheid kan bereik.

Daaglikse brood

Die Skrif is vol opdragte om gedissiplineerd daarmee besig te wees. Psalm 1:2 sê byvoorbeeld dat die regverdige se behae in die wet van die HERE is en dat hy dit “dag en nag” oordink. Die vierde bedede van die Onse Vader lui:

Gee ons vandag ons daaglikse brood (Mt. 6:11).

Deuteronomium 8:3 maak dit egter duidelik dat die mens nie van brood alleen sal lewe nie:

En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet ... om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar ... van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan.

Ons behoort 'n verband te trek tussen die behoeftes van die liggaam en die behoeftes van die gees.

Om dus vir ons daaglikse brood te bid, veronderstel dat ons nie net vir liggaamlike versorging vra nie, maar ook vir geestelike versorging. Die woordjie “daaglikse” dui op 'n vaste ritme of dissipline. Net so gedissiplineerd as wat die liggaam brood nodig het, het die gees dit ook nodig. Ons het nie net nodig om daaglik brood in te neem nie, maar ook hemelbrood.

Die voorbeeld van Christus

Hoewel Christus volmaak en sonder sonde was, het Hy die belangrikheid van 'n gedissiplineerde geestelike lewe verstaan. Uitdrukkings soos “daar staan geskrywe” of “het julle nie gelees nie” veronderstel dat die Skrif 'n objektiewe maatstaf was waarheen Hy telkens teruggekeer het. Hy het met 'n Skrifbewussyn geleef omdat Hy dit so goed geken het. As Hy vra: “Het julle nie gelees nie?” kan ons aflei dat Hy van die veronderstelling uitgaan

dat kinders van God die Skrif voortdurend bestudeer.

Sy bestudering van die Skrif was nooit oppervlakkig nie – daarvan getuig sy diepgaande teologiese kennis, toepassing en verklaring daarvan (vgl. Lk. 4:17-21). Hy het die Skrif nie net as 'n historiese bron bestudeer nie, maar altyd met die vraag:

Wat sê dit vir vandag? Hy het selfs sy eie lyding in die lig van die Skrifgetuïenis geïnterpreteer, want die Skrifte moes vervul word (Mk. 14:49). Hy was so deurdrenk van die Skrif dat dit in sy donkerste oomblikke sy woorde geword het (vgl. Mt. 27:46; Lk. 23:46). Sy geestelike “muscle memory” het ingeskop.

Selfs nadat Hy uit die dood opgestaan het, skakel Hy die Skrif nie uit nie, maar verdiep dit wanneer Hy die Êmmaüsgangers se verstand open om onlangse gebeure in die lig van die Skrif te verstaan (vgl. Lk. 24:44-45).

Dieselfde geestelike dissipline behoort sy dissipels se lewens te kenmerk. Hierdie dissipline beïnvloed nie net ons denke nie, dit verander die hart en bring die hande in beweging.

Van die oog na die kop

Om gedissiplineerd met die Skrif besig te wees, beteken eerstens dat Skrifkennis kopkennis moet word. Geestelike dissipline verg dat ons daaglik met die Woord van God besig moet wees. Ons behoort dit immers gedissiplineerd by ons kinders in te skerp (vgl. Deut. 6:7). Ons behoort die Woord beter te

ken. Gedurende die regeringstyd van Mao Zedong was Bybels skaars of verbode. Baie Christene het nie 'n volledige Bybel besit nie. Dié wat wel Bybels besit het, het hoofstukke en selfs volledige boeke gememoriseer en kon sodoende die Woord mondelings met mekaar deel. Die Skrif het in hul geheue voortgeleef. Ons behoort meer te doen om die Bybel te ken. Die gevaar is egter dat dit net kopkennis bly en ons dalk die Bybel net so goed kan resiteer soos wat 'n Moslem die Koran kan resiteer, maar dit nie waarlik ken nie. Daarom veroorsaak egte geestelike dissipline ook 'n beweging van die kop na die hart.

Van die kop na die hart

En hierdie woorde ... moet in jou hart wees (Deut. 6:6) en as 'n “voorhoofsband” tussen jou oë gebind wees (vgl. Deut. 6:8). Die woord “hart” in die Bybel beslaan meer as net die emosies. In 'n sin is dit 'n kollektiewe term vir die emosies, denke en wilsbesluite. Jy is eers werklik gedissiplineerd met die Skrif besig as die Skrif ook met jou besig is en jou begin verander. Kopkennis word hartkennis wanneer dit ons voorliefdes verander, ons anders oor dinge laat dink en uiteindelik ons wilsbesluite bepaal. Daarom skryf Paulus in Romeine 12:2 dat ons verander moet word deur die “vernuwing van julle gemoed”.

Van die hart na die hand

Uiteindelik moedig die Skrif ons aan om insig en wysheid te verwerf (vgl. Spr. 4:5-7). Wie geestelik gedissiplineerd is, vra nie net wat die Bybel oor 'n saak sê nie, maar soek ook na die toepassing daarvan in

hul lewens. As gedissiplineerde Bybelstudie nie ook lei tot 'n gedissiplineerde lewe nie, dan is jy nog ongedissiplineerd. Daarom beveel die HERE ons om die insig en wysheid wat ons uit sy Woord put, op ons lewens toe te pas deur dit as teken op ons hand te bind en op ons deurposte en stadspoorte te skryf (vgl. Deut. 6:8-9).

Iemand wat musiek kan lees (kopkennis) en selfs mooi musiek kan waardeer (hart), maar nie self 'n instrument kan bespeel nie, het immers nog nie waarlik die dissipline van musiek onder die knie nie.

“Muscle memory”

Wie op hierdie wyse gedissiplineerd met die Skrif besig is, gaan die oppervlak gou genoeg leer ken dat hy uiteindelik dieper begin grawe om by die groter skatte uit te kom en tot volwassenheid te groei. Geestelike dissipline behels meer as gedissiplineerde Bybelstudie – dit raak die hart en bring die hande in beweging. Die voor die hand liggende raak tweede natuur. Jou denke, begeertes en wilsbesluite word deur die Skrif se kategorieë beheer en bepaal, terwyl jy gehoorsaam in Christus se spore volg. Die Woord is immers 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad (vgl. Ps. 119:105). In die proses gaan jy ontdek dat jy nie net “muscle memory” opbou nie, maar inderdaad “muscles” bou!

Mag hierdie uitgawe oor dissipline ons aanspoor om wyer oor die onderwerp te dink en dit op verskillende aspekte van die lewe toe te pas. ☺

LERAARS**Beroep ontvang**

Ds. Thys Burger (emeritus) na Kimberley.

Beroep aanvaar

Ds. Thys Burger (emeritus) na Kimberley.

Beroep bedank

Ds. Johann Trollip (Kathu) na Majuba.

LERAAR BEROEPBAAR

Die Kuratorium het dr. Johan Malan op 22 Oktober 2025 beroepbaar gestel. Sy selfoonnommer is 082 346 1396.

LIEF EN LEED: LERAARS OORLEDE

- Ds. Albert Boshoff, 19 November 2025.
- Ds. Hannes van der Merwe, 2 Desember 2025.

Ons bid hulle naasbestaandes die troostrike nabyheid van die Here toe.

BEDIENINGSOORENKOMS GESLUIT

Potchefstroom en Kroonstad: 1 Januarie (slegs vir drie maande).

CVO-SKOOLKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 4 April
Tweede kwartaal: 22 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

SKOOLKWARTALE

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 28 Maart
Tweede kwartaal: 8 April – 27 Junie
Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober
Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

DIE BOODSKAPPER**Bepaalde verskyningsdatums**

Maand	Kopie in by Redakteur	Verskyningsdatum
Maart	12 Januarie	26 Februarie
April	12 Februarie	23 Maart
Mei	13 Maart	24 April
Junie	16 April	26 Mei
Julie/Augustus	11 Mei	25 Junie
September	9 Julie	24 Augustus
Oktober	14 Augustus	25 September
November	17 September	26 Oktober
Desember/Januarie	14 Oktober	24 November

Advertensietariewe 2026

Grootte	mm (lengte x breedte)	Prys (hardekopie)	Prys (hardekopie + toepassing)
DIE BOODSKAPPER: HARDEKOPIE			
1/16 blad	40 x 90	R245	R295
1/8 blad	65 x 90	R685	R735
1/4 blad	124 x 90	R1 445	R1 495
1/2 blad	124 x 180	R2 355	R2 405
Vertikale strook	263 x 119	R2 850	R2 900
Volblad	246 x 180	R3 835	R3 885
Binne-agter – ½	148 x 200	R5 125	R5 175
Binne-agter – vol	297 x 210	R7 300	R7 350
Agterblad – ½	148 x 200	R5 145	R5 195
Agterblad – vol	297 x 210	R8 800	R8 850

50% afslag indien AP Kersake geadverteer word (slegs op die hardekopie).

SLEGS TOEP (GROOTTE: 250 X 300 PX [L X B])

Plasing: Redaksioneel*	R150
Plasing: Amptelik*	R130
Plasing: Ontvang die Woord*	R130
Plasing: Hoofartikel	R100
Plasing: Gemeentenuus	R100
Plasing: Artikels	R80

*Hierdie plasing kan deur almal gesien word, ongeag of hulle ingeteken is.

BANKINBETALINGSBESONDERHEDE:

Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632005
Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing.
Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE 2026*

1 Januarie*	Nuwejaarsdag
21 Maart*	Openbare vakansiedag
3 April*	Goeie Vrydag
5 April	Paassondag
6 April*	Gesinsdag
6 April	Van Riebeeckdag
27 April*	Openbare vakansiedag
1 Mei*	Openbare vakansiedag
14 Mei	Hemelvaart
31 Mei	Republiekdag
24 Mei	Pinksterfees
16 Junie*	Konsentrasiekampdag
9 Augustus*	Openbare vakansiedag
10 Augustus*	Openbare vakansiedag
14 Augustus	GRA-dag
24 September*	Openbare vakansiedag
10 Oktober	Krugerdag
25 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember*	Geloftedag
25 Desember*	Christusfees
26 Desember*	Openbare vakansiedag

*Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.



Hoe gemaak as Bybelse lyfstraf 'n strafbare oortreding is?

Ds. Jaques Powell

Skriflesing: Spreuke 23:13-14 en Handeling 5:29 • **Sang:** Psalm 94:6-8

“Ek sal jou die pak slae van jou lewe gee as jy dit doen ...” Die dreigende woorde van 'n ouer wat baie kinders al gehoor en die uiteinde seker ook gevoel het.

Dink net vir 'n oomblik terug aan daardie loesing. Die kontak met jou agterstewe, die trane wat oor jou wange rol en hoe jy snikkend ná die tyd jammer sê vir wat jy gedoen het. Ná die voel, het jy jou les geleer: “Ek sal dit nie weer doen nie!”

Ek is seker ons almal het so 'n herinnering. As jy het, kan jy vir jou ouers dankie sê, want hulle het jou goed grootgemaak – soos wat die Here hulle beveel het. Al die pak slae in jou lewe het jou geleer wat reg en verkeerd is en dat daar gevolge vir jou aksies is. Met elke loesing was jou ouers juis besig om liefde aan jou te betoon, want daardeur het hulle jou weggelei van die groter straf wat sou kom.

Ons kry in Spreuke met die woord “tug” te doen. Dit is 'n woord wat in ons tyd 'n baie negatiewe konnotasie gekry het. Dit word

voorgestel as 'n wrede, liefdelose daad teenoor iemand waaruit die uitdeler daarvan genot verkry of eie voordeel trek. Tog is dit glad nie wat tug is nie. Tug is die daad van terugtrek, weg van die verkeerde af terug na die goeie. Dit is soos 'n ouer wat sien dat sy kind aan die warm plaat gaan vat en hom wegpluk om hom te beskerm. Die daad lyk dalk gevoelloos, maar dit beskerm die kind teen 'n groter bedreiging.

Tugtiging is juis daar om sondaars weg te lei van die gevaar van die verderf en hulle na Christus terug te lei. Daarom dat ons in Spreuke 23:14 lees: *Jy sal hom wel met die roede slaan, maar sy lewe van die doderyk red.* In Spreuke 13:24 beklemtoon Salomo die liefdesdoel van tug:

Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging.

Hier vind ons dus 'n baie duidelike opdrag in Spreuke: Jy moet jou seun tugtig omdat jy vir hom lief is, want as jy hom nie tugtig nie, sal die doderyk hom

eis. Die doderyk verwys hier nie net na die fisiese dood nie, maar eerder na die verdoemenis van die hel. Die tugtiging is daarom 'n daad van liefde wat 'n ouer aan sy kind betoon.

Die klem lê by die liefde, soos Salomo ook in Spreuke 19:18 sê:

Tugtig jou seun, want daar is hoop; maar laat dit nie in jou opkom om hom dood te maak nie.

Ons moet dus ons eie motiewe met tugtiging ondersoek. Waarom slaan ons ons kinders? Is dit om hulle terug te trek of is dit uit woede, haat of selfs moedeloosheid? Die tug moet altyd in liefde geskied. Om hierdie rede skryf Paulus aan die gemeente in Êfese: *Vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here* (Efês. 6:4). Moet nie jou kinders kwaad maak nie, maar leer hulle dissipline en die insettinge van die Here.

Kom ons maak dit prakties met 'n voorbeeld.

Twee seuntjies baklei op die speelgrond. Die een se pa deel slae uit. Die ander se pa vermaan in 'n rustige stem, maar sonder gevolge vir sy seun. Ná baie jare is die kinders groot. Die seun wat die pak slae gekry het, weet wat die gevolge van sy aksies is en daarom respekteer hy sy vrou, sy werkgewer en ander mense rondom hom. Die seun wat sonder gevolge net vermaan is, is heel waarskynlik die een wat sy vrou slaan, sy baas vloek en as 'n krimineel in die tronk eindig, want daar is mos geen gevolge vir sy aksies nie, net 'n kalm stem wat sê: "Jy mag dit nie doen nie."



God se opdrag is baie duidelik. Tog gee Hy nie net die opdrag nie, Hy pas dit ook toe en tugtig sy kinders sodat hulle nie aan die doderyk oorgegee word nie. So straf God tydelik hier op aarde dat die mens die ewige straf kan vryspring. Dink maar net aan Dawid. Hy was 'n kind van God. Hy struikel egter en sondig toe hy met Bátseba owerspel pleeg. Hierdie sonde van hom word deur God gestraf toe die seun sterf. God gebruik hierdie tugtiging om vir Dawid na die ewige weg terug te lei.

As God die Vader dan so met sy kinders optree, moet ons nie ook ons kinders in liefde tugtig nie? Wanneer ouers versuim om dié opdrag uit te voer, sit ons uiteindelik met ongedissiplineerde kinders wat die samelewing ingaan en totale wanorde veroorsaak. Juis omdat daar in die opdrag versuim is, is ons land in die situasie waarin dit is.

Ons het egter 'n baie groter krisis, want ons leef in 'n land waar die staat hierdie opdrag van God as 'n kriminele oortreding ag en "oortreders" vervolg. Dit beteken dat 'n pa tronkstraf vir die tugtiging van sy kinders opgelê kan word. Die staat wat die swaard van die gereg dra, se wette is juis veronderstel om die dissipline in ons land te bevorder. Tog veroorsaak dit tans die teendeel – agteruitgang van orde en dissipline.

Hoe gemaak? Moet ons dan nou aan die staat en sy wette gehoor gee? Of moet ons God se opdrag navolg? Die antwoord is eintlik baie eenvoudig.

Dink net terug aan die apostels in Handeling. Hulle word in die tronk gegooi en verbied om die evangelie van Christus te verkondig. Nadat die apostels deur die engel uit die gevangenis verlos is, keer hulle terug na die tempel en verkondig weer die evangelie. As die hoëpriesters dan teen hul opstaan, sê Petrus:

Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mens (Hand. 5:29).

Vele gelowiges is al vervolg omdat hulle die opdrag van God meer gehoorsaam was as die opdragte

van mense. Baie het selfs hul lewens hiervoor verloor.

Die staat is besig om sy grense te oorskry deur God se opdrag tot 'n strafbare oortreding te maak. In die gereformeerde leer het ons daarom 'n beginsel om hierdie krisis af te weer, naamlik soewereiniteit in eie kring. Dit beteken dat elke sektor in die samelewing homself orden en onder die hoofskap van Christus regeer. So regeer Christus die kerk vanuit die kerk, die skool vanuit die skool, die huisgesin vanuit die huisgesin, ensovoorts. Die staat moet daarom ook slegs oor die staat regeer en sy Godgegewe gesag daar uitleef tot eer van Christus as Hoof oor alles.

Die staat wil egter die plek van Christus inneem. Hy wil die hoof wees wat oor alles in die samelewing regeer. Die staat wil bepaal wat die skool moet leer, die staat wil bepaal wat die kerk mag verkondig, die staat wil bepaal hoe 'n ouer sy kind moet opvoed.

Ons moet daarom besef ons is gebonde aan iets baie groter as die staat. Die wil van God moet geskied, nie die wil van die mense nie. Ons moet aan Hom meer gehoorsaam wees as aan mense.

Christus alleen is die Hoof. Hy alleen sit op die troon. Abraham Kuyper het gesê: "Daar is nie een duimbreedte van hierdie aarde waarvan Christus nie sê: 'Dit is myne,' nie." Hy alleen regeer deur sy Woord en Gees. Die Woord van God is baie duidelik oor hoe ons ons kinders moet opvoed: Tugtig hulle, omdat jy vir hulle lief is. ☺

Ds. Jaques Powell is leraar van die AP kerke Delareyville en Stella.



MORNÉ DIEDERICKS

OM JOU KINDERS TE DISSIPLINEER, IS 'N BYBELSE OPDRAG

Ons ken die stilte van 'n huis waar iets aan die broei is. Jy stap kombuis toe en kry jou kind met sy hand in die sjokoladelaaï – groot oë, skuldig, onseker oor wat nou gaan volg. In sulke oomblikke toets kinders grense, maar hulle soek eintlik iets dieper. Hulle soek leiding, liefde en sekerheid. Dissipline is nie net 'n reaksie op verkeerde gedrag nie, maar ook 'n liefdevolle manier waarop ouers 'n pad baan in die navolging van Jesus Christus.

Tog gaan hierdie onderwerp nie in die eerste plek oor kinders nie, maar oor ouers. Ware dissipline begin by 'n ouer wat self onder Christus se heerskappy leef. Slegs gedissiplineerde ouers kan kinders lei om gedissiplineerd te wees. Vanuit hierdie vertrekpunt kyk ons na vier gedagtes ten opsigte van dissipline: dissipline begin by gedissiplineerde ouers; die verband tussen dissipline en dissipelskap; dissipline binne die verbondsgemeenskap; dissipline as Bybelse opdrag.

Dissipline begin by gedissiplineerde ouers

Wanneer ons oor kinder-opvoeding praat, moet ons erken dat dissipline by onself begin. 'n Gedissiplineerde ouer leef met 'n vaste ritme van gebed, Skriflesing, werk, rus en getroue erediensbywoning. Só 'n lewensritme vorm die grondslag waarbinne kinders leer wat gehoorsaamheid beteken. Paulus

skryf in 1 Timótheüs 4:7-8:

... oefen jou in die godsaligheid. Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het. Ouers se eie oefening in godsaligheid is dus die voorbeeld wat hul kinders van getroue dissipline verkry.

'n Kind wat sy ouer met gedissiplineerde gehoorsaamheid aan God se Woord sien leef, leer dat gehoorsaamheid nie toevallig is nie, maar 'n daaglikse keuse wat oordink en bedink moet word. Só 'n ouer is nie volmaak nie, maar getrou. Wanneer ouers hul eie sondes bely en vergifnis vra, leer kinders nederigheid en eerlikheid. Ouers wat self stry om Christus gedissiplineerd te volg, is 'n mooi voorbeeld vir hul kinders. Op dié wyse leer kinders dat dissipline nie iets kouds of 'n straf is nie, maar 'n uitdrukking is van 'n geloof wat "lewe".

Dissipline en dissipelskap: twee kante van dieselfde muntstuk

Die woord "dissipline" hou verband met "dissipel". Hierdie is 'n belangrike en handige konsep vir ouers om in gedagte te hou. Die hoofdoel van dissipline is om in gehoorsaamheid agter Jesus Christus aan te loop. In die Ou Testament dui die Hebreeuse woord *moesar* op tug of opvoedende onderrig, terwyl die Griekse woord *paideia* in Efésiërs 6:4 ook dui op opvoeding wat rigtinggewend is. Dissipline is dus nie los van geloofsvorming nie. Om 'n kind te dissiplineer, is om hom terug te roep na gehoorsaamheid aan God se Woord en ook die gesagsfigure wat God ingestel het.

Verder dui dissipline ook op onderrig oor hoe om op die weg van heiligmaking te bly. Hierdie weg is iets wat met veel moeite, harde werk, maar meer nog, baie genade gepaardgaan. Jesus sê

in Matthéüs 16:24: *As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.* Hierdie oproep tot dissipelskap impliseer 'n lewe van selfbeheersing en volharding. Ouers wat self hierdie pad loop, wys vir hul kinders dat dissipline nie bloot 'n straf is nie (hoewel dit straf kan inhou), maar geestelike groei in Jesus Christus.

Dissipline is dus nie bloot 'n huishoudelike saak nie, maar 'n geloofsaak. Ouers wat in liefde die weg van God aanwys, wys vir hul kinders dat gehoorsaamheid altyd uit God se liefde vloei. Tug is nie wraak nie, maar leiding – leiding in dissipelskap. Só word dissipline 'n roeping van God aan ouers tot dissipelskap.

Dissipline binne die verbondsgemeenskap

In die gereformeerde verstaan van die gesin leef dissipline binne die groter raamwerk van die verbond. Kinders behoort aan die Here en Hy vertrou hulle aan ouers toe. Die huis is dus nie net 'n privaat plek nie, maar 'n plek waar kinders binne 'n geloofsgemeenskap grootword. Juis 'n publikasie soos hierdie, wat gaan oor dissipline, is toerusting vir ouers wat saam kinders binne 'n geloofsgemeenskap grootmaak.

In die Heidelbergse Kategismus (So. 39 v/a 104) bely ons dat ek aan my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou moet bewys en my aan hul goeie leer en tug met gepaste gehoorsaamheid moet onderwerp. Dissipline begin dus by eerbied vir God, vir ouers en vir gesag wat uit God se orde spruit. Hierdie eerbied word in die huis aangeleer

en in die gemeente versterk. Kinders wat nie geleer word om vir hul ouers te luister nie, sal nie vir God kan luister nie.

Wanneer ouers saam met hul kinders bid, Bybel lees en die eredienste bywoon, vorm hulle 'n patroon van orde wat kinders help verstaan wat dit beteken om 'n gedissiplineerde navolger van Jesus Christus te wees. Konsekwentheid in 'n gedissiplineerde lewenswandel binne die verbondsgemeenskap word 'n vorm van liefde: Wat verkeerd is, bly verkeerd, nie omdat Pa of Ma dit sê nie, maar omdat God dit sê. Almal in die verbond van God luister na Hom, niemand word uitgesluit nie. Van jonk tot oud moet onder die gesag van Jesus Christus buig.

In dié sin is swak dissipline by kinders 'n simptoom van swak dissipline in die verbondsgemeenskap. Dit raak te maklik om te sê: “Doen wat ek sê, nie wat ek doen nie,” maar as dit by dissipline kom, spreek dade harder as woorde. Kom ons sê as verbondsgemeenskap eerder: “Volg my soos ek Christus navolg.”

Dissipline as Bybelse opdrag

Dissipline is nie bloot 'n opsie nie, maar 'n Bybelse opdrag. Efésiërs 6:4 stel dit duidelik: *... vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.* Hierdie opdrag wys op drie dinge: Ouers dra die verantwoordelikheid, die middel is tug en vermaning en die doel is opvoeding in die Here.

In die Bybel loop liefde, waarheid en dissipline saam. Kinders verlang na sekerheid, daarom bied duidelike grense 'n gesonde

omgewing waarin kinders in hul geloof kan groei. As 'n kind buite die vasgestelde grense tree, moet ouers nie soos Eli wegstroom of hulle oë sluit vir hul kinders se optrede nie. Kinders moet die vrug van gehoorsaamheid en die ongemak van ongehoorsaamheid leer. 'n Raps op die hand is beter as 'n leeftyd in die tronk. Dissipline is nie wreed nie, dit is liefde.

'n Gedissiplineerde Christelike lewe verg daaglikse oefening. Selfbeheersing, konsekwentheid en nederigheid word geleer. Ouers, moenie moedeloos raak nie, bly rustig, bedien die evangelie, vertel, verduidelik en hou aan om die Here se Woord aan jou kinders te verkondig – tydig en ontydig. Verkondig die verlossing in Jesus Christus in die konstante dissiplinering van jou kinders. Dissiplinering van ons kinders is 'n roeping van God wat aan verbondsouers gegee is en sodoende ook 'n duidelike Bybelse opdrag is.

Ten slotte

Onthou altyd dat dissipline by liefde begin en nie by woede nie. Daardie klein oomblikke – 'n gesprek, 'n gebed, 'n vasgestelde grens – dit alles is die boustone van 'n lewe onder Christus se gesag. Ouers wat self leer om gedissiplineerd te leef, wys vir hul kinders hoe gehoorsaamheid aan God se Woord en gesag lyk. Dissipline is nie bloot 'n reaksie op sonde nie, dit is 'n daad van geloof. Só word elke huis waar ouers die Here eer, 'n “klein” skool van dissipelskap waar kinders leer om Jesus Christus as dissipels na te volg. ☺

Morné Diedericks is dosent in opvoedkunde by Akademia.



Gehoorsame ouers kweek ongehoorsame kinders

Marius Kruger

Oor die verloop van my onderwysloopbaan het ek die wonderlike voorreg gehad om saam met uitsonderlike onderwysers skool te hou. Tydens 'n oueraand het mev. Erica, die graad 1-juffrou by een van my vorige skole, 'n ma aangespreek oor haar dogter wat weier om opdragte in die klas te gehoorsaam.

Die ma van die ongehoorsame dogter was huiwerig om die probleem aan te spreek omdat sy en haar dogter “beste vriende” is en sy bang was dit sou hul vertrouensverhouding skade doen. Mev. Erica, met meer as 30 jaar se ervaring, het sonder om 'n oomblik te huiwer, geantwoord:

**“Wat is fout met jou?
Kan jy nie vriende
van jou eie ouderdom
kry nie? Jou dogter
het 'n ma nodig en nie
'n maatjie nie; sy het
genoeg maatjies saam
met wie sy pouse speel.”**

In hierdie kort interaksie tussen onderwyseres en ouer is 'n ongelooflik belangrike beginsel oorgedra. Dit het die ouer se rol ten opsigte van begeleiding, dissipline en onderrig bevestig.

Die stelling “gehoorsame ouers kweek ongehoorsame kinders” klink skynbaar teenstrydig. Die meeste hedendaagse ouers verwag immers dat sagter, meer toegeeflike ouerskap noodwendig sagter, meer gehoorsame

kinders sal oplewer. Tog wys 'n groeiende hoeveelheid navorsing die teendeel: Ouers wat aan hul kinders se eise toegee, konflik probeer vermy, min grense stel en eerder soos 'n “maat” as 'n gesagsfiguur optree, maak dikwels kinders groot wat met gehoorsaamheid, respek en selfdissipline sukkel.

In die internasionale literatuur word hierdie patroon veral beskryf as “permissive parenting” of “indulgent parenting” – in Afrikaans “liberale/toegeeflike ouerskap”.¹ Hierdie navorsing steun die argument dat sogenaamde gehoorsame ouers – in die sin van toegeeflike, konflikvermydende ouers – ironies genoeg ongehoorsame kinders kweek. Hierdie artikel verduidelik verder kortliks die ouerskapstyle, bespreek bevindings oor toegeeflike ouerskap en wys op enkele gevolge vir gesinne.

Toegeeflike ouers

Sanvictores en Mendez beskryf toegeeflike ouers as ouers wat koestering en aanvaarding prioriteer, maar wat min reëls stel en byna geen konsekwente

dissipline toepas nie. Hulle tree dikwels as “vriende” op in plaas daarvan om volwasse gesagsfigure te wees. Kinders in sulke gesinne beleef hul ouers as warm en toeganklik, maar ontvang nie gestruktureerde leiding of duidelike, volgehoue grense nie.

Navorsing oor toegeeflike ouerskap is ook in Suid-Afrika gedoen. Rossouw en Oosthuizen bespreek in hul artikel² oor dissiplinering van vyf- tot sesjarige die vier ouerskapstyle vanuit 'n Christelik-opvoedkundige perspektief. Met verwysing na Louw en Louw beskryf hulle toegeeflike ouers as ouers wat min eise stel, min beheer uitoefen en baie liefdevol en instemmend is. Hierdie styl prioritiseer koestering, maar toon onvoldoende leiding en min tot geen duidelike verwagtings. Die skrywers beklemtoon dat die gedragsverdraagsaamheid van toegeeflike ouers nie vir die afwesigheid van betrokkenheid en beheer kan vergoed nie. Kinders ontvang nie konsekwente terugvoer oor hul gedrag nie, wat hul sosiale ontwikkeling kan benadeel. Kinders wat in sulke

omgewings grootword, word dikwels gedwing om self besluite te neem waarvoor hulle nog nie gereed is nie en kan gevolglik impulsief, veeleisend, opstandig en ongehoorsaam wees.

Hier ontstaan die werklike teenstrydigheid. Ouers wat uit vrees vir konflik, of uit 'n begeerte om 'n "vriend" te wees, die kind se wil gehoorsaam, help nie die kind om innerlike orde en respek vir grense te ontwikkel nie. Dit staaf ons oorspronklike stelling dat gehoorsame, dit wil sê toegeeflike ouers, ongehoorsame kinders kweek.

Wat sê die Bybel oor hierdie onderwerp?

Skrifgetuienis

In 1 Samuel 1-4 lees ons die geskiedenis van Eli. Hy was hoëpriester en rigter van Israel (vgl. 1 Sam. 1:9; 4:18). Sy seuns Hofni en Pínehas het as priesters gedien, maar was goddeloos en ongehoorsaam (vgl. 1 Sam. 2:12-22).

Eli het hulle wel tereg wys, maar nie streng gedissiplineer nie (vgl. 1 Sam. 2:23-25). Daarom het God Eli gewaarsku dat sy huis oordeel sou ontvang (vgl. 1 Sam. 2:27-34), wat gekom het toe Israel teen die Filistyne oorlog voer. Die ark van die verbond is buitemaak en Hofni en Pínehas gedood. Toe Eli die nuus hoor, het hy ook gesterf (vgl. 1 Sam. 4:10-18).

Hofni en Pínehas het openlik gesondig. Hulle het die gesag van hul vader én van die HERE verwerp. Eli was gehoorsaam aan God in sy diens as hoëpriester, maar hy het nie sy gesag as vader gebruik om sy seuns daadwerklik te dissiplineer nie. Hy het hulle gewaarsku, maar sonder optrede wat duidelike grense gestel het. Wanneer 'n ouer té toegeeflik is, kan dit lei tot kinders wat geen grense erken nie. Eli se gebrek aan dissipline is 'n Bybelse voorbeeld van die ernstige gevolge van toegeeflike ouerskap – vir kinders én ouers. Om God te gehoorsaam in jou roeping is belangrik, maar dit is nie genoeg as jy jou rol as ouer verwaarloos nie. Eli se verhaal wys dat ouers wat nie grense stel nie, dikwels kinders grootmaak wat grense oorskry.

Vee voor jou eie deur

Dit is maklik om hierdie onderwerp as 'n probleem by "sagte" ouers te etiketteer en ons daarvan te distansieer. Dit is net so gevaarlik om onmiddellik net aan ander ouers en gesinne as skuldiges te dink. Dit is altyd makliker om ander mense se tekortkominge uit te wys, want dan hoef ek nie my eie te erken nie. Vra liewer eerlik: Hoe spreek ons dogter haar ma aan as sy kwaad of ontsteld is? Hoe reageer ons seun teenoor ons wanneer hy vermaan word?

Wat laat ons toe onder die dekmantel van: "Ons kind het net 'n sterk wil," of met die verskoning: "Oor die algemeen is ons kind baie respekvol. Vandag is net 'n uitsondering"?

Gehoorsame, toegeeflike ouerskap is beslis 'n groot probleem wat

versterk word deur hedendaagse liberale, sekulêre denke dat ons altyd sagter, meer toegeeflik en verdraagsaam moet wees. Juis daarom is dit noodsaaklik dat ons eerlike introspeksie binne ons eie gesinne doen en dat toekomstige ouers vooraf praat oor hoe hulle die dissiplinerings van hul kinders eenstemmig en konsekwent gaan bestuur.

Waarom is die onderwerp belangrik?

Waarom is hierdie so 'n ongelooflik belangrike onderwerp? Daar is ten minste twee groot redes. Eerstens skep reëls en orde geborgenheid vir kinders. Dissipline is nie altyd lekker nie en voel soms vir kinders onnodig, maar dit gee sin en duidelike grense in 'n wêreld wat geneig is om teen God se gesag te rebelleer.

Tweedens, en dit is ongetwyfeld die belangrikste rede, dien die verhouding tussen ouers en kinders as voorbeeld en riglyn vir hul verhouding met ons hemelse Vader. Hoe anders gaan hulle leer om gehoorsaam te wees aan God se volmaakte wil vir hul lewens? Jesus verwys meer as 160 keer in die vier Evangelies na God as Vader. Daarom is dit kardinaal belangrik dat ouers daarna streef dat hulle verhouding met hul kinders 'n getroue weerspieëling van 'n regte verhouding met God sal wees.

Marius Kruger is die hoof van CVO Pretoria.

1. T. Sanvictores and M.D. Mendez, "Types of parenting styles and effects on children," in *StatPearls* [Internet], (Treasure Island, FL: StatPearls Publishing, 2022). Beskikbaar: <https://bit.ly/4rDryfs>.
2. M.C. Rossouw en I.J. Oosthuizen, "Ouers se dissiplinerings van vyf- tot sesjarige," in *Koers – Bulletin vir Christelike Wetenskap* 78, no. 3 (2013): 1-9, <https://bit.ly/3M9f53d>.

As ouers is ons die eerste
“Bybel” wat ons kinders lees.
Hulle leer uit ons reaksies wat
genade beteken, hoe gesag lyk
en hoe gehoorsaamheid klink.
Wanneer ons liefdevol, maar ferm
grense stel, wys ons vir hulle dat
gehoorsaamheid nie ’n vloek is
nie, maar ’n seën.

**Die manier waarop ons vandag
ons kinders dissiplineer, raak
nie net hierdie week se huiswerk
of hierdie jaar se rapport nie,
dit vorm die volgende geslag
volwassenes en ouers.**

As ons vandag kies vir gemaklike
toegeeflikheid, plant ons môre se
opstand en onrus. As ons egter
kies vir liefdevolle, konsekwente
dissipline, bou ons aan ’n
nalatenskap van gehoorsaamheid
en respek.

Aan die begin het ons die skynbare
teenstrydige stelling gemaak dat
“gehoorsame ouers ongehoorsame
kinders kweek”. In die lig van die
Skrif en navorsing sien ons hoe
waar dit kan wees wanneer ouers
aan kinders se wil gehoorsaam is.
Die Woord wys vir ons ’n beter
weg: Ouers wat eerste aan God
gehoorsaam is, kan kinders help
om Hom ook gehoorsaam te leer
ken. Mag ons dus kinders opvoed
wat die bevrydende waarheid van
Hebreërs 12:11 liefhet:

*Nou lyk elke tugting
of dit op die oomblik nie
’n saak van blydschap is
nie, maar van droefheid;
later lewer dit egter ’n
vredevolle vrug van
geregtigheid vir die wat
daardeur geoefen is. 🍷*



Verswelg deur sy liefde (uit Hooglied)

Met gesluerde gelaat volg ek die kudde se spoor ...
As ek net nog eenmaal Sy stem kan hoor!
Terwyl hordes rondom hul vermaak in ydel liefde se skim,
Groei die smagting na Hom wie my siel bemin.

Waar laat my Beminde smiddags die lammers wei?
Waarheen sal die spore van die kudde my lei?
Gesluerd stu ek in my soeke voort.
Verwonde produk van ongeregtigheid se moord.

Berge van skeiding verstewig angs se klou.
Liefdelose koestering wat sy mantel om my vou.
Dan skel die wraak van duistennis in my oor:
“Daar sterf Hy. Jy het alles verloor!”

*Die voorhangsel skeur en die aarde beef.
Dan sidder die duisternis:
“Ek het die liefdesprys betaal en kyk, Ek leef!”*

Nou soos weerlig uit Bosra beweeg Hy met jaloesie gelaai.
Gewikkel in liefdesywer tol Hy nader in ’n tornado se draai.
Sy passie strek en reik en pleit om my nader te bring.
Dit raap en tregter my tot in sy wynhuis waar Hy my besing.


Hephziba, my skone, laat My weer jou gelaat aanskou.
My liefde kon jy troef, so ook my ewige trou.
Kyk, die winter is verby. Kom dan nou my skone, my bruid.
Ek wil ’n ewige vebond met jou sluit.

Hephziba, my skone! Ek het my hoogste vreugde in jou gevind.
Gee My jou hand, deur die ewige Gees as pand aan jou verbind.

Jesmè

ONSEKERHEID VAN MENSLIKE PLANNE (JAKOBUS 4:1-17)

OPGESTEL DEUR
DALEEN PIENAAR





Standaarde vir dissipline

Ds. Ruan Combrink

In 'n gesinsopset en selfs in ander ondernemings of instellings bied reëls 'n raamwerk vir effektiewe en veilige funksionering. Grense verskaf sekuriteit. Wie presies weet wat aanvaarbare en wat onaanvaarbare gedrag is en wat die gevolge is wanneer die grense oorskry word, kan hul verantwoordelikhede uitvoer sonder om konstant te wonder (of te moet toets) waar die grense is. Wat hierdie beginsel betref, voorsien Douglas Wilson in die derde sessie van sy *Foundations for Fathers*-lesings uitstekende riglyne vir hoe ons Bybelse standarde kan stel as dissiplinêre raamwerk in kinderopvoeding. In hierdie artikel word gepoog om sy gedagtes opsommend weer te gee.

Die Bybel as grondslag van alle standarde

Alle standarde en reëls wat in die huis gemaak word, moet voortvloei uit die Woord van God (vgl. 2 Tim. 3:16). Dit beteken nie dat alle reëls in die letter van die Bybelse teks moet voorkom nie. Die Bybel beveel nie dat 'n gesin aandetes saam aan tafel moet eet nie. Dit is wel Bybels vir 'n verbondsgesin om sekere reëls in te stel wat verbondsgemeenskap bevorder. Daarom sou dit nie verkeerd wees om so 'n reël te hê nie.

Die beginsel is dat die standarde wat in 'n Christelike huis geld,

nie gebaseer word op tradisie, wêreldse idees of jou “gesonde verstand” nie. In praktyk kan die volgende toets aangelê word: As iemand my vra waarom ek 'n bepaalde reël ingestel het, behoort my antwoord nie te wees dat dit vir my ouers gewerk het nie, maar eerder die Bybelse beginsel daaragter.

Huisreëls versus God se reëls

Kinders moet verstaan dat daar 'n verskil tussen Goddelike gesag en afgeleide gesag is. Die negende gebod dra Goddelike gesag. Die reël dat kinders teen 18:00 in die huis moet wees, dra afgeleide gesag. Beide reëls is geldig en moet gehoorsaam word, maar daar is 'n verskil wat erken moet word. In die vyfde gebod verleen God aan ouers gesag oor hul kinders (vgl. Ex. 20:12). Hierdie gebod word in Efésiers 6:1-3 bevestig. Daar is egter 'n verskil tussen die gesag van God se onfeilbare Woord en die gesag van sondige mense. Ouers is mense en mense maak foute. Ouergesag is dus geldig, maar gebrekkig. Kinders moet daarom verstaan dat ouergesag eerbiedig moet word omdat kinders en ouers aan God gehoorsaam moet wees. Hierdie onderskeid maak dit vir kinders makliker om aan gebrekkige ouergesag gehoorsaam te wees en skep die raamwerk waarbinne ouers ook van hul kinders

vergifnis kan vra vir hulle foute, sonder om hul gesag daardeur te ondermyn.

Om nie die onderskeid te handhaaf nie, kan veroorsaak dat:

- Kinders leer dat al die reëls dieselfde gesag dra en dan eendag in hul eie huise hul eie reëls afdwing asof dit God se reëls is (Fariseïsme).
- Kinders agterkom dat van die reëls arbitrêr is en dan alle reëls as belaglik ag (antinomianisme).

God se reëls geld vir alle ouderdomme

In Deuteronomium 5:1-21 word die wet herhaal as deel van Israel se proses van verbondsvernuwing voor hulle die Beloofde Land intrek. In die volgende hoofstuk word na die wet terugverwys met die bekende opsomming daarvan in vers 5. Hierop volg die bevel dat hierdie beginsels in die ouers se harte moet wees (v. 6) en by die kinders ingeskerp moet word. Geen aanpassings word egter gemaak aan die standarde vir die kinders nie. Bybelse beginsels (God se reëls) moenie vir kinders aangepas word nie. 'n Christenouer behoort, wat gehoorsaamheid aan God betref, dieselfde verwagting van hul kinders te hê as van enige ander Christen.

In praktyk beteken dit dat dieselfde verwagting wat ons van 'n 16-jarige het om nie valse getuie te lewer nie, ons ook van die vierjarige moet hê. Baie ouers duld sekere sonde by klein kinders met die verskoning dat hulle dit nie kan verstaan nie en wil dan dieselfde optrede in ouer kinders straf. Sondes soos ondankbaarheid, geniepsigheid, selfsug en jaloesie is vir alle ouderdomme onaanvaarbaar.

Dissiplineer sonde, nie onvolwassenheid nie

Hoewel kinders van alle ouderdomme vir ongehoorsaamheid aan God gedissiplineer moet word, moet onvolwassenheid nie met sonde verwar word nie. Kinders is onvolwasse, maar onvolwassenheid is nie noodwendig sondig nie. 'n Kind wat melk in 'n glas probeer gooi, maar mors weens 'n gebrek aan motoriese funksie, het nie gesondig nie en behoort nie daarvoor gedissiplineer te word nie. Die gemors was weens fisiese onvolwassenheid. As 'n kind egter gewaarsku is om nie met 'n glas melk in die hand op die kombuisvloer in die rondte te draai nie en dit steeds doen en dan mors, is dit weens ongehoorsaamheid. Die kind word dan nie gedissiplineer vir mors nie, maar vir ongehoorsaamheid en dit moet ook duidelik so gekommunikeer word.

'n Kind wat laf of verspot is en lag vir goed wat nie vir volwassenes snaaks is nie of bene in die lug op hul kamervloer lê, is bloot emosioneel onvolwasse. Daarvoor word kinders nie gedissiplineer nie. As 'n kind egter in die kerk aangesê is om stil te sit en na die preek te luister en dan verspot

is en in die kerkpaadjie op sy rug lê met sy bene in die lug, is hy ongehoorsaam en word daarvoor gedissiplineer.

Ouers dissiplineer dikwels uit frustrasie. Frustrasie by die ouer beteken egter nie sonde by die kind nie. Daar behoort nie gedissiplineer te word by gebrek aan begrip, emosionele of fisiese onvolwassenheid nie.

Hou rekening met die progressiewe aard van sonde

Psalm 19:13-14 waarsku dat wat kan begin as klein afdwalinge wat nie eers bemerk word nie, in moedswillige sondes verander. As moedswillige sondes oor 'n mens heers, verander dit in groot oortredinge. Die mens het 'n sondige natuur en sonde wat toegelaat word om te prut, sal begin kook en uiteindelik oorborrel. Wanneer standarde gestel word en reëls gemaak word, moet hierdie progressiewe aard van sonde in berekening gebring word. Dit beteken dat wat beskou word as klein sondetjies, verbied moet word. Daar moet reëls wees teen sondes soos kerm, rusie/kibbel/twispierigheid, luiheid, klukkery en uitgestelde gehoorsaamheid.

Die laaste twee konsepte verg moontlik verdere verduideliking. Dit is goed as jou kind uit besorgdheid vir sy boeties, sy gevaarlike/sondige gedrag kom aanmeld. Kinders sal egter baie dikwels kom vertel wat 'n ander doen in die hoop om hulle in die moeilikheid te kry. Dit is gewoonlik nie moeilik om die motivering te onderskei nie. Klukkery vir persoonlike wraak of uit nydigheid, moenie geduld word nie.

Uitgestelde gehoorsaamheid verwys na 'n opdrag wat nie dadelik uitgevoer word nie. 'n Kind behoort 'n opdrag onmiddellik uit te voer. By die oorgrote meerderheid van gevalle waar "vergeet" as verskoning aangevoer is, het die probleem by uitgestelde gehoorsaamheid begin. Uitgestelde gehoorsaamheid is bloot 'n ander vorm van ongehoorsaamheid. Dit is terloops merkwaardig hoe kinders se geheue verbeter wanneer hulle vir vergeetagtigheid gedissiplineer word!

Om streng reëls te hê en streng dissipline ten opsigte van klein sondes toe te pas, verhoed moedswillige sondes en groot oortreding en spaar ouers baie ellende.

Foundations for fathers

Die beginsels wat Wilson aanbied, staan in die breër konteks van die hele *Foundations for fathers*-lesingreeks wat bestaan uit die volgende afdelings:

- Foundations for fathers
- Leading your wife in childrearing
- Setting standards
- Methodology of discipline
- Teaching doctrine to children
- Evangelizing your children

In hierdie breër geheel word baie van die beginsels gekwalifiseer en die praktiese toepassing daarvan in meer besonderhede aangespreek. Met die beginsels hier bespreek, kan egter 'n goeie fondasie gelê word vir die neerlê van standarde en reëls wat noodsaaklik is vir 'n Bybelse dissiplinêre stelsel in die Christenhuis. ☺

Ds. Ruan Combrink is leraar van die AP Kerk Orania.



Die waarde van gesonde dissipline vir kinderontwikkeling

Charlotte Fourie

Die reis van Christelike ouerskap is 'n heilige roeping. Ons maak nie net kinders groot nie. Ons moet individue kweek wat leef uit genade, toegerus is met integriteit en gereed is om die kompleksiteite van die wêreld aan te pak. Tog is min aspekte van ouerskap so verwarrend en uitputtend soos dissipline. In my eie sewe kort jare van ouerskap was daar reeds talle geleenthede wat ek eerder (tydelik) opgegee het as om my kinders te dissiplineer. “Wat maak dit tog saak? Môre doen hulle weer dieselfde!” sou ek sug terwyl ek my hande in die lug gooi.

Wel, dit maak saak. Jy gaan dalk nie die waarde van gesonde dissipline dadelik sien nie, maar dit speel 'n kritiese rol in die ontwikkeling van jou kind.

Ons moet verstaan dat dissipline nie hoofsaaklik straf is nie; dit is ook dissipelskap. Dit is die onderrig en leiding van 'n kind na volwassenheid. Soos die skrywer van Hebreërs vir ons sê:

Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydschap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is (Hebr. 12:11).

Die oes van dissipline is die ontwikkeling van 'n regverdige, vreedsame volwassene.

Dr. Jordan B Peterson, Kanadese sielkundige en skrywer, beklemtoon die noodsaaklikheid van streng dissipline en reëls vir

gesonde kinderontwikkeling.¹ Hy sê dat dissipline 'n noodsaaklike daad van liefde en verantwoordelikheid is wat ouers aan hul kinders verskuldig is. Volgens hom is die primêre waarde van gesonde dissipline om die kind voor te berei vir die harde realiteite van die wêreld, waar die gevolge vir wangedrag dikwels wreed en genadeloos is. Hy voer aan dat as kinders nie teen die ouderdom van ongeveer vier geleer word om sosiaal aanvaarbaar op te tree nie, hulle deur hul maats verwerp sal word, wat hul ontwikkeling en lewenslange sukses ernstig belemmer.

Gesonde dissipline is werklik 'n liefdesdaad. Dit is die noodsaaklike hulpmiddel om selfbeheersing, selfvertroue en morele integriteit by 'n kind te kweek. In hierdie artikel gaan ons drie ontwikkelingsvoordele van gesonde dissipline ondersoek.

Dissipline kweek selfbeheersing

Navorsing deur die Canadian Paediatric Society beklemtoon dat die doel van effektiewe dissipline moet wees om kinders

se eie selfdissipline te bevorder en hulle te help om reëls te internaliseer en toepaslike gedragspatrone aan te leer. 'n Gedissiplineerde persoon word gedefinieer as iemand vir wie plesier nie alles is nie, wat bedagsaam is en ongemak kan verduur wanneer nodig – alles aspekte van interne selfbeheer.

Die mees diepgaande ontwikkelingswaarde van gesonde dissipline is sy rol in die kweek van interne selfbeheersing. Wanneer 'n kind 'n grens toets of in frustrasie uitbars, dui dit dikwels spesifiek op die onvermoë om intense gevoelens te hanteer. Dissipline verskaf die nodige struktuur om die brein se “uitvoerende funksionering” te bou, wat hoofsaaklik in die prefrontale korteks geleë is (die area verantwoordelik vir beplanning, oordeel en emosionele regulering). Konsekwente, duidelike grense leer 'n kind om te stop, te dink en 'n beter reaksie te kies.

Nog navorsing onderstreep die belangrikheid van vroeë

selfbeheersing as 'n primêre ontwikkelingstaak in vroeë kinderjare wat sukses in oorgang na volwassenheid voorspel. Dit verduidelik dat selfbeheersing 'n oorkoepelende konstruk is wat die vermoë insluit om gedrag en emosies te monitor, te reguleer en te inhibeer om 'n langtermyn doelwit te bereik. Die ontwikkeling van selfbeheersing is 'n oorgang van eksterne regulering (waar die kind byna uitsluitlik op ouers staatmaak om emosies te reguleer) na interne selfregulering. Konsekwente en ondersteunende dissipline speel 'n sleutelrol in hierdie oorgang.

Kinders wat konsekwente grense en voorspelbare gevolge leer, kry die vermoë om hul impulse te bestuur en frustrasie te verdra. Hierdie vaardigheid is een van die grootste voorspellers van sukses op skool, die bou van gesonde vriendskappe en sukses in die werkplek.

Dissipline bou karakter

Volgens die Universiteit van Virginia² speel die manier waarop ouers dissipline toepas 'n deurslaggewende rol in die internalisering van morele norme en die ontwikkeling van empatie en aanspreeklikheid. Die navorsing onderskei tussen ouers wat dissipline gebruik om te fokus op die kind se gevoelens van skaamte (wat onproduktief is) en dié wat fokus op die gevolge van die kind se gedrag vir ander. Effektiewe dissipline, veral dié wat “induktiewe beredenering” insluit (waar ouers verduidelik hoe die kind se aksies ander mense se gevoelens of welstand beïnvloed), is die mees effektiewe metode om die kind uit 'n egosentriese

perspektief te laat beweeg. Hierdie benadering dwing kinders om na hul naaste se standpunt te kyk en sodoende 'n sterk gewete te ontwikkel.

Volgens opvoedkundige riglyne wat op ontwikkelingsielkunde gegrond is, is die gebruik van logiese en natuurlike gevolge ('n tipe dissipline wat direk met die oortreding verband hou) krities om verantwoordelikheid en 'n sterk morele karakter te bou. Wanneer gevolge logies is, word die fokus van straf na regstelling verskuif. Kinders leer dan dat hul optrede nie net 'n reaksie van die ouer ontlok nie, maar dat dit die natuurlike oorsaak-en-gevolg-wette van die wêreld het. Dit help kinders om weg te beweeg van die gedagte dat die ouer hulle “straf”, na die besef dat hulle aanspreeklik is vir die impak van hul eie keuses, wat die grondslag van 'n morele kompas is.

Dissipline gee sekerheid en sekuriteit

Duidelike, ferm grense is die grondslag vir 'n kind se diepgewortelde selfvertroue en sekuriteit. Kinders sonder grense voel konstant buite beheer, druk en toets voortdurend om 'n veilige “heining” te vind wat hul ouers blykbaar nie kan of wil bied nie. Hierdie gebrek aan struktuur kweek ang. Duidelike, ferm en liefdevolle dissipline sê: “Ek gee genoeg om vir jou om jou veilig te hou en jou goed te lei.” Hierdie konsekwente teenwoordigheid bevorder vertroue in die ouer en 'n stewige selfwaarde. Kinders wat selfversekerd is in hul gesinstruktuur, is meer geneig om gesonde risiko's te neem,

hul talente te verken en hul Godgegewe potensiaal te benut.

Volgens navorsing oor ouerskapstyle³ bevorder Gesaghebbende Ouerskap (“Authoritative Parenting”) met duidelike, liefdevolle dissipline, selfvertroue en selfwaarde by kinders. Hierdie ouerskapstyl kombineer hoë eise (grense) met hoë responsiwiteit (warmte en liefde). Deur aan kinders te wys dat hulle hoë verwagtinge kan nakom en sodoende sukses behaal, ontwikkel hulle 'n gevoel van bevoegdheid en selfdoeltreffendheid. Wanneer dissipline met liefde toegepas word, leer kinders dat selfs al maak hulle foute, hul waarde ongeskonde bly. Dit skep 'n robuuste selfbeeld wat hulle aanmoedig om gesonde risiko's te neem en hul volle potensiaal te verwesenlik.

Die beginsel van “herstel” ná 'n dissiplinêre oomblik is ook sielkundig noodsaaklik vir die behoud van die ouer-kind-verbintenisse. Wanneer kinders die versekering kry dat die ouer se liefde onvoorwaardelik is, selfs ná wangedrag, word die basis vir sekuriteit versterk.

Hierdie proses voorkom dat dissipline in 'n toksiese siklus van skaamte en vrees verval. Deur te beklemtoon: “Ek is meer

1. <https://bit.ly/4pCUYZz>

2. <https://bit.ly/4oZaZjk>

3. <https://bit.ly/4oFACy5>



Kerklike tug: Tien dinge wat jy moet weet

Dr. Jonathan Leeman

1 Jesus én Paulus beveel kerke om kerklike tug toe te pas

Kerklike tug is nie 'n menslike uitvindsel nie, maar kom van God. Wat Jesus ook al met “moenie oordeel nie” in Matthéüs 7 bedoel het, was sy bedoeling beslis nie om liefdevolle teregwysing tussen Christene uit te sluit nie, soos Hy dit self in Matthéüs 18:15-20 beskryf. Paulus neem Jesus se woorde ernstig op en vermaan die gemeente in Korinthe om Jesus se opdragte uit te voer (vgl. Mt. 18:20 met 1 Kor. 5:4). Weet ons dan beter as Paulus?

2 Kerklike tug het verskillende benamings

Die term “kerklike tug” word op verskillende maniere gebruik, en mense gebruik ook verskillende begrippe om dissipline (tugtiging) mee te beskryf. In breë trekke word daar onderskei tussen vormende tugtiging (wat verwys na onderrig) en korrektiewe tugtiging (wat verwys na die regstelling van sonde).

Binne die kategorie van korrektiewe tugtiging gebruik sommige die term “kerklike tug” vir enige daad van teregwysing, hetsy dit 'n private, informele waarskuwing aan 'n vriend is, of die formele skrapping van iemand se lidmaatskap van 'n kerk.

Wanneer dit by hierdie laaste stap kom, gebruik mense dikwels die woord “ekskommunikasie”. Onder Protestante beteken ekskommunikasie nie dat iemand die saligheid ontsê word nie (iets waartoe die kerk nie in staat is nie). Dit verwys eerder na die skrapping van iemand se lidmaatskap van die gemeente en uitsluiting van die nagmaal. Om iemand te ekskommunikeer, is om hom of haar buite die gemeenskap (“communion”) te plaas – iets soos 'n omgekeerde doop.

3 Byna elke organisasie pas dissipline toe

Ten spyte van die Bybelse grondslag daarvan, is die idee van kerklike tug vir baie Christene en kerke omstrede, selfs al aanvaar mense geredelik dat ander organisasies of groepe meganismes moet hê om lede tereg te wys of te verwyder. 'n Bedrieglike prokureur kan geskors word. 'n Onbeheerste sportman kan beboet word. 'n Dokter wat homself aan 'n wanpraktyk skuldig maak, kan sy of haar lisensie verloor. 'n Onderwyser kan afgedank word.

Ironies genoeg bestaan daar selfs sogenaamde waghondwebwerwe wat kerklike tug veroordeel, uitsluitlik met die doel om tereg te wys of te dissiplineer (weliswaar sonder

enige aanspreeklikheid!). Hierdie reaksie teen tug in die kerk sê baie oor die individualistiese aard van godsdiens en menswees in die Weste.

4 Kerke behoort tug ter wille van liefde toe te pas

Daar is baie verkeerde motiewe vir kerklike tug wat dikwels tot misbruik gelei het. Die enigste regte motief vir tug is liefde:

*... want die Here tugtig
hom wat Hy liefhet
(Hebr. 12:6).*

Kerke behoort tug toe te pas uit liefde vir die lidmaat wat in sonde vasgevang is, sodat hy of sy tot bekering kan kom (vgl. 1 Kor. 5:5); uit liefde vir die swakker skape in die gemeente, sodat hulle nie op 'n dwaalweg gelei word nie (v. 6); uit liefde vir nie-Christelike naastes, sodat hulle nie deur 'n valse getuigenis verwar word nie (v. 1) en uit liefde vir Christus, sodat sy Naam beskerm en geëer kan word (v. 7-8).

5 Kerklike tug was tot in die 20ste eeu 'n algemene praktyk

In die 19de eeu het Baptistekerke in Amerika jaarliks gemiddeld 2%

van hul lidmate geëkskommunikeer en tog het die groei van hierdie kerke dié van die algemene bevolking oortref. Teen die einde van die 19de en die begin van die 20ste eeu het kerke meer geïnteresseerd geraak in die hervorming van die samelewing (bv. nugterheidsbewegings) as in hervorming in eie geledere.

Met die opkoms van kerkbemarking in die middel van die 20ste eeu het kerke meer op aantreklikheid as op heiligheid begin fokus. Geen sterk stemme het teen tug opgestaan nie; die praktyk het eenvoudig verdwyn (kyk Greg Wills, *Democratic Religion*).

6 Versuim tot kerklike tug ondermyn prediking, dissipelskap en evangelisasie in 'n gemeente

Wanneer 'n prediker sê: “Christene doen X en nie Y nie,” maar die gemeente versuim om iemand tereg te wys wat Y wel doen, klink die prediker se woorde minder geloofwaardig en minder gewigtig. Wanneer 'n evangelis sê: “Christus sal jou verander en jou 'n nuwe lewe gee,” maar omring word deur ongetugtigde lidmate wat net soos die wêreld leef, is sy woorde holklinkend.

7 Ekskommunikasie gebeur eers wanneer 'n sonde onbekeerlik, sigbaar en ernstig is

Die Bybel gee nie 'n volledige lys van sondes wat tot ekskommunikasie moet lei nie. Teologies gesproke kan ons egter sê dat 'n gemeente eers tot openbare tug moet oorgaan wanneer daar geen berou en

bekering oor die sonde is nie en wanneer dit in die openbaar gebeur en van 'n ernstige aard is.

Geen sondeberou en bekering daarvan beteken die sondaar weier om daarvan af te sien of daarteen te stry. Dit moet 'n sonde wees waarvan almal weet, met ander woorde, dit moet gesien of gehoor kan word; ons maak nie aannames oor mense se harte nie. En dit moet ernstig wees – ernstig genoeg dat die gemeente nie langer iemand se geloofsbelydenis kan bevestig nie. 'n Storie met stertjies sou waarskynlik nie as “ernstig” tel nie, maar egbreuk wel. Elke situasie vereis noukeurige onderskeiding; geen twee gevalle is presies dieselfde nie.

8 Die doel van tug is altyd herstel

Paulus stel dit onmiskenbaar: ... *om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus* (1 Kor. 5:5).

9 Kerke moet waak teen misbruik

Kerklike tug kan op verskeie maniere misbruik word: Wanneer besluite in die hande van een of 'n paar persone gelaat word in plaas van die hele gemeente;¹ wanneer vaste prosesse belangriker word as persoonlike pastorale sorg; wanneer dit gedryf word deur 'n fundamentalistiese ingesteldheid wat ongemaaklik is met die spanninge van 'n gebroke wêreld en daarop aandring dat elke probleem netjies afgehandel moet word; of wanneer daar 'n ongebalanseerde en on-Bybelse begrip van gesag is.

Oor die algemeen behoort Christene versigtig te wees vir kerke waar leiers gunstelingte het, mense straf wat van mekaar verskil, humeurig is, die “stiltebehandeling” gebruik, altyd die laaste woord wil hê, nooit verkeerd kan wees nie, uiterlike konformiteit beklemtoon, konsekwent dogmaties is oor groot én klein sake, selde of nooit erken dat hulle verkeerd is nie, sukkel om gesag te deel, slegs hul naaste vriende of familieleden bevorder en oor die algemeen in beheer wil wees.

10 “Wanneer tug 'n kerk verlaat, gaan Christus saam.”

So het die Baptisteteoloog John L Dagg gesê en hy was reg. 'n Herder wat nie die wolwe afweer nie, sal gou sien hoe sy skape verslind word. Alles in ons kultuur skree teen enige vorm van regstelling of uitsluiting omdat dit as onverdraagsaam gesien word. Maar Christus wil hê dat sy kerke geoef, opgebou en gedissiplineer moet word sodat hulle in sy heiligheid kan deel.

Dink aan 'n wiskunde-onderwyser wat die lesse aanbied maar nooit foute regstel nie. Dit is nie 'n goeie onderwyser nie. Om tug reg toe te pas, verg wysheid en sorg. Kerke behoort nie oorhaastig op te tree nie, maar stadig en bedagsaam te beweeg. Tog is tug 'n praktyk wat kerke vandag dringend moet herwin. ☺

Dr. Jonathan Leeman is die president van *9Marks* en mede-aanbieder van die podsend *Pastor's Talk*. Die artikel is met vergunning van Crossway vertaal. Oorspronklik: <https://bit.ly/499FarY>

1. In die gereformeerde tradisie glo ons dat dit aan die ampsdraers (ouderlinge) toevertrou is – red.



Dissipline is meer as net reëls

Alta Pretorius

Dissipline is soos 'n kompas wat jou help om op koers te bly, selfs wanneer die pad moeilik raak.

Volgens Wilna van Rooyen,¹ kinderontwikkelingspesialis van die Afrikaanse Onderwys Netwerk, is dissipline die vermoë om beheer oor jou eie gedagtes, emosies en gedrag te neem tot voordeel van jouself en almal om jou. In sy boek *Ewige beginsels om suksesvolle kinders groot te maak*,² sien Yavor Rusinov dissipline as 'n inherente deug wat nodig is om doelwitte te kan bereik.

**Baie van ons struikel-
blokke word veroorsaak
weens 'n gebrek aan
genoeg dissipline.**

Sonder dissipline kan dit voel of die lewe buite beheer raak; jy kan oorweldig en kwesbaar voel, soos 'n man wat sy gees nie kan inhou nie (vgl. Spr. 25:28). As jy selfbeheersing het, voel jy in staat om te doen wat jy ook al moet doen.

Dissipline is die sleutel wat gesonde gewoontes en goeie patrone rig en in stand hou. Sonder dissipline bly goeie bedoelings net ideale, maar mét dissipline word hulle gesonde

gedragsroetines en dit vorm die boustene van 'n gebalanseerde, godsalige lewe.

Hierdie gewoontes en patrone is herhalende maniere waarop jy dink, emosioneel reageer en optree. Oor tyd word dit só deel van jou karakter dat dit outomaties gebeur.

Liggaamlike boustene

Dissipline vestig gesonde gewoontes om 'n gesonde liggaam in stand te hou. Wanneer jy gesond eet en drink, genoeg beweeg, tussen sewe en nege ure slaap en spanning verminder, verbeter jou breinfunksie terwyl jou selfbeheer en konsentrasie verhoog. Daarom leer 1 Korinthiërs: Jou liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees, verheerlik God daarom in jou liggaam (vgl. 6:19-20). Doen dus wat rég en goéd is vir jou liggaam.

Emosionele boustene

Met dissipline vestig jy goeie patrone vir jou gemoed. Aristoteles het gesê: "Ons word wat ons herhaaldelik doen." Herhaling vorm karakter, want dit wat jy gedurig dink en doen, word gewoontes en dit bepaal wie jy is. Onbeheersde emosies lei tot skade. Wanneer gesonde gewoontes en goeie patrone in jou lewe gevestig word, reageer jy eerder op 'n positiewe wyse

en die vrug van die Gees vind gestalte in jou wese. Dan kan jy in uitdagende situasies selfbeheersd, standvastig en met innerlike vrede onder leiding van die Heilige Gees optree.

Goeie gewoontes en dissipline bring orde en sekuriteit in jou lewe en rig jou om tyd wys te gebruik en doelwitte te stel. Dít lei na 'n meer gestruktureerde lewe waar jy beter keuses maak, leer om te volhard, te fokus en sukses te behaal. Midde dit alles weet ons dat dit God is wat in ons werk om te wil sowel as om te werk volgens sy welbehag (vgl. Filip. 2:13).

Sosiale boustene

Dissipline rig jou verhouding met jou naaste en laat jou in liefde leef. Paulus verduidelik in Romeine 13:8-10 dat ware liefde die hele wet vervul. As jy in liefde leef, doen jy outomaties wat reg is en dít is die kern van geloofsgehoorsaamheid.

Vestig gesonde gewoontes in jou omgang met ander. Behandel ander soos jyself behandel wil word (vgl. Mt. 22:39). Span jou sintuie optimaal in en fokus met toewyding en aandag op dié wat jou pad kruis. Toon die vrug van die Gees. Respekteer hulle, wees geduldig, barmhartig, moenie toornig raak nie en vergewe. Wees getrou, eerlik, regverdig, eg en

moenie jaloers wees op ander nie (vgl. Ex. 20).

'n Lewe met goeie patrone en gewoontes is 'n stille getuigenis vir ander. Mense sien konsekwente goedheid, vrede en dissipline by so iemand en dit trek hulle nader aan God, soos 1 Timótheüs 4:12 leer: ... *wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid.*

Geestelike boustene

Dissipline in jou geestelike lewe laat jou in geloof groei en laat jou 'n lewe van wysheid, godsaligheid en dankbaarheid lei waar jy naby

aan God bly en nie deur wêreldse versoekings weggesleep word nie:

As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels (Joh. 8:31).

Die wet van God is dié fondament vir morele selfbeheersing in die mens se lewe, nie tot beperking nie, maar as riglyn vir 'n doelgerigte lewe.

Gesonde geloofsgewoontes sluit dinge in soos 'n getroue gebedslewe, daaglikse stiltetyd,

erediensbywoning, gemeentelike meelewing, gehoorsaamheid aan God se Woord, sondebelydenis en lof- en dankbetuiging teenoor God. Lukas 4:16-21 getuig van Christus se goeie gewoontes. Laat ons sy voorbeeld navolg.

Dissipline is die brug tussen doel en vervulling. Dit help jou om jou waardes in daade om te sit, jou denke te beheer en jou dae doelgerig deur te bring. ☺

Alta Pretorius is 'n sosio-pedagoog en lidmaat van AP Kerk Grootfontein (Tvl.).

1. www.aonetwerk.co.za, *Uit Wilna se pen*, "Die waarde van dissipline in die tyd van inperking en daarna."
2. 'n Publikasie van Lig in Duisternis Uitgewers, 33.

«Vervolg vanaf bl. 15

Die waarde van gesonde dissipline vir kinderontwikkeling

lief vir jou as wat ek daardie gedrag afkeur," word kinders se emosionele sekuriteit bevestig en word hulle geleer dat foute reggestel kan word sonder die vrees vir permanente verwerping.

Die oes waarvoor ons bid


Uiteindelik is die doel van gesonde dissipline nie om kinders te beheer nie; dit is om aan hulle die gereedskap te gee (selfbeheersing, morele helderheid en emosionele

sekuriteit) om in hul verhouding met God en die wêreld te floreer. Ons is geroep om ons kinders lief te hê met 'n liefde wat grense stel, want dit is die liefde wat hulle vry maak. Ons moet die fermheid van beginsels kombineer met die onwrikbare warmte van genade. Ons moet onthou dat elke dissiplinêre oomblik 'n kans is om die boodskap van Christus se versoening te weerspieël. Deur konsekwent te

wys dat liefde die fout oorleef, verseker ons ons kinders van hul onveranderlike waarde.

Mag ons op God se genade staatmaak vir die nodige geduld en wysheid. Dan sal ons, soos Hebreërs belowe, die vrug van ons arbeid sien: Die oes van regverdige, vreedsame kinders wat toegerus is om met selfvertroue in die volheid van God se plan vir hul lewens te leef. ☺

LEGITIMASIE 2026



PROP. MARNO STEYN

Geboortedatum: 3 Augustus 2000
Huwelikstatus: Getroud
Woonadres: Ranonkelstraat 1005B, Marble Hall
Kontakbesonderhede: 076 812 9102; marno.steyn@gmail.com
Opleiding ontvang: BDiv (2023), kerklike Lisensiaat (2025) – AP Akademie

Albertus Petrus Boshoff

17 Maart 1965 – 19 November 2025

Om 'n huldeblyk vir jou broer te skryf is tegelyk baie maklik en uiters moeilik. Baie maklik, want 'n mens ken mekaar goed. Maar dit is ook baie moeilik, want 'n mens moet nou nadink oor die lewe en invloed van iemand wat nie meer daar is nie. Hoewel ons in baie opsigte dieselfde was, was elkeen tog ook uniek.

Albert was 'n begaafde sportman op skool. Hy was 'n uitstaande hekkiesatleet en het talle rekords opgestel. Hy was akademies bogemiddeld. Hy kon mooi sing en het tydens sy studiejare in die UP-koor gesing. Later het hy uitgeblink in jag en visvang – stokperdjies wat hy tot voor sy dood geniet het.

Albert was 'n leier en mentor. Hy het verskillende leiersposisies beklee. Hy was altyd kerklik betrokke en kon dinge reël en laat gebeur. Op skool het die destydse KJA van NG Moedergemeente Middelburg 'n bloeytyd onder sy voorsitterskap beleef.

Albert het eers onderwys studeer voordat hy na teologie oorgeslaan het. Ná sy studies het hy diensplig gedoen (ekself nie). Ons het in 1991 saam die bediening betree – hy in Lydenburg en ek in Arnot/Hendrina. Weens die bediening het ons mekaar minder gesien as wat ons graag wou.

Albert was organisatories begaafd. Ek kan nie dink aan 'n tyd wat hy nie êrens skriba was nie. Hy het sy merk gemaak in heelparty ringe, op verskeie sinodale kommissies, en natuurlik die notulekommissie by sinodes. Hy was nougeset,

deeglik en betyds met reëlins en organisering.

Albert se groot nalatenskap was in menseverhoudings. Hy het kontak gehou, mense gelukkigwens en dit reggekry om tred te hou met vorige lidmate se lewens. Met sy visvangekspedisies het hy baie mense betrek en diep vriendskappe gesmee. Met sy siekte en dood het mense uit die bloute geskakel en vertel watter impak Albert op hul lewens gehad het.

Albert was ook gesins- en familieman. Hy was 'n wonderlike man vir Yvette – saam was hulle 'n formidabele span. Sy kinders, skoonkinders en kleinkinders het 'n pa en oupa gehad wat vir hulle lief was en gedoen het wat hy kon. Hy was 'n CVO-ouer en hul sweet (en tranen) lê by verskillende CVO-skole.

In die laaste maande het Albert getuig van 'n gelatenheid met sy siekte en vinnige agteruitgang. Tog was dit 'n kragtige getuigenis. 'n Gelowige weet dat siekte ons nie skei van die liefde van die Here nie. Ons ervaar juis sy krag in ons swakheid. Ek het die voorreg gehad om Albert se laaste preek by te woon. In sy menslike



swakheid en broosheid was daar 'n tasbare, voelbare krag. Hy het op 'n hoë stoeltjie gesit en preek, hy het die doop aan een van sy ou katkisanse se kinders bedien. Ná die diens was hy totaal uitgeput. Ten spyte daarvan was hy moedig en kragtig met die krag wat die Here voorsien.

Die hele familie was teleurgesteld toe hy nie kans gesien het om ons pa, Adam Boshoff, se 90ste verjaarsdag by te woon nie. Maar, op pa Adam se verjaarsdag het hy nog per WhatsApp-video-oproep 'n wonderlike gelukwensing aan Pa gegee. Daarna het hy geweldig vinnig verswak. 'n Week ná Pa se verjaarsdag, op 19 November 2025, het hy die aardse tuiste verlaat. Sy hemelse tuiste is betrek, geloof het oorgegaan in aanskouing.

Sy plekkie onder ons is leeg, ons sal hom werklik mis. Ons is egter die Here dankbaar vir sy voorbeeld, diensbaarheid en toewyding vir die Here se koninkryk. Hy het stil-stil groot spore getrap – spore wat die moeite werd is om na te volg.

Ds. Attie Boshoff ☺



Godvresende dissipline

Ds. Emilè Trollip

In 1642 het die bekende Nederlandse skilder Rembrandt van Rijn sy meesterstuk en een van Europa, en selfs die wêreld, se mees indrukwekkende skilderwerke, *De Nachtwacht*, voltooi. Daar is drie komponente wat hierdie skilderwerk besonders maak. Eerstens sou die enorme grootte van die skildery dit vir die meeste skilders onmoontlik maak om so 'n taak aan te pak. Tweedens is die doeltreffende gebruik van lig en skaduwee 'n tegniek wat min skilders benut. Hy gebruik lig en skaduwee om die hooffigure te beklemtoon, die aandag op die helde te vestig en die oë na die skoonheid van die werk aan te trek. Derdens skep Van Rijn die indruk van beweging. Dit is nie maar net stomme figure wat stilstaan nie – hulle het 'n doel en missie waarheen hulle op pad is. Hulle is aan die beweeg.

De Nachtwacht is die produk van 'n lewe wat aan die dissipline van die kunste toegewy is. Sonder dissipline en volharding in hierdie vaardigheid sou Van Rijn nooit hierdie meesterstuk kon lewer nie. Hy moes sy tegnieke inoefen en verfyn. Alleen deur sweet en harde werk kon hy uiteindelik 'n meester wees.

Dissipline is baie belangrik. Dit is net so belangrik in ons godsdienstbeoefening.



Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid (1 Tim. 4:7).

In hierdie teks word die kerk geroep om godsdienstig-gedissiplineerd te wees. Geestelike dissipline is in 'n sekere sin 'n moeiliker dissipline om in te oefen. Dit druis teen ons sondige geaardheid in om gedissiplineerd voor God te bly wandel. Die mens raak maklik hoogmoedig en oortuig homself dat hy nie die Here nodig het nie. So word geestelike dissipline al moeiliker om te bemeester.

Hoe kry ons geestelike dissipline?

1 Dit verg inoefening
Net soos Rembrandt van Rijn sy lewe aan skilderkuns

toegewy het, en net soos 'n rugbyspeler dag ná dag moet oefen om sy vaardighede te ontwikkel, net so word ook van 'n kind van God verwag om dag ná dag sy geestelike vaardighede te slyp. Die persoon wat net op Sondaes sy Bybel oopmaak om dit te bestudeer, kry nie genoeg oefening in nie. Hy wat net bid wanneer hy uit blote gewoonte die Here wil dank vir sy kos, het nie goeie dissipline nie.

Die Woord van God wil die sondaar versterk en voed. Deur die werking van die Heilige Gees word die persoon wat dag en nag sy Woord bestudeer, voorberei vir 'n lewe van dankbaarheid. Die gelowige word geroep om in die teenwoordigheid van die Here homself aan die dissipline van

Vervolg op bl. 23 >>



Dissipline is die fondasie van 'n volk wat wil groei

René Roux

In elke era van onsekerheid en verandering kom daar 'n tyd waar 'n volk homself moet afvra: Wie wil ons wees en wat is ons bereid om daarvoor te doen? Krag, uithouvermoë en vasberadenheid was nog altyd deel van Afrikaneridentiteit. Om egter 'n volk op te hef en om werklik vooruit te beweeg, verg meer as nostalgiese. Dit vra 'n holistiese benadering tot dissipline.

Dissipline is die eenvoudige en daaglikse keuse om iets beter te bou – in ons gesinne, ons gemeenskappe, ons werkplekke en ons verhoudings. 'n Volk kan nie van bo af deur 'n regering opgebou word nie. Dit word van onder af opgebou deur gewone mense wat buitengewone gewoontes aanleer.

Dit vra dissipline om ons kinders waardes te leer om sodoende teen die stroom van die wêreld te kan swem.

By Solidariteit Helpende Hand verstaan ons die noodsaaklikheid van dissipline om entrepreneurskap, opleiding, kultuur, geloof en holistiese welstand aktief te bevorder.

Wanneer 'n volk selfdissipline verloor, verloor hy koers. 'n Gedissiplineerde volk is egter onstuitbaar. Dit is amper soos om na 'n rugbywedstryd waarin die Springbokke speel, te kyk. Dit is gou duidelik wanneer die manne hul dissipline begin verloor, maar wanneer hulle gedissiplineerd bly, weet ons ons gaan wen. Die Afrikaner het al baie storms

deurstaan juis omdat daar altyd mense was wat bereid was om te werk, te dien en op te offer vir iets groter as hulself.

By Solidariteit Helpende Hand pas ons dissipline toe wanneer ons sê dat ons welstand deur werksyn in en deur ons gemeenskappe verseker. Om dit te doen, moet ons die soort karakter bou wat 'n volk vooruitdra. Ons is streng met ons tyd, betroubaar in ons woord, getrou aan ons waardes en bereid om nie net vir onself nie, maar vir mekaar op te staan.

Ek kan nie oor dissipline nadink sonder om aan Jesus se dissipels te dink nie.

Hulle was nie volmaakte mense nie, maar mense wat bereid was om vir 'n groter roeping gedissiplineerd te leef. Hulle het Christus nie net met hul voete gevolg nie, maar ook met hul dade, gewoontes en lewenstyl.

Hulle het alles gelos waarmee hulle besig was om gehoorsaam te wees. Petrus, Andréas, Jakobus en Johannes het hul visserskuite

onmiddellik gelos toe Jesus hulle roep. Dit verg dissipline om te kies vir roeping bo gemak, vir geloof bo sekuriteit. Hierdie dissipels het volhard deur vervolging, hulle is uitgelag, aangeval en vermoor. Tog het hulle nooit opgehou om te getuig nie.

Volgens Begroond¹ is die Bybelse waarheid dat Christus oor alle nasies en volke heers, 'n fundamentele leerstelling van die Christelike geloof. Hierdie heerskappy van Christus het nie net te doen met individue nie, maar ook met nasies en hul verhouding met mekaar. 'n Belangrike element van hierdie heerskappy, is die vraag of ware versoening en eenheid tussen volke sonder Christus moontlik is. Die geskiedenis, sowel as die Skrif, leer ons duidelik dat enige poging om mense of nasies buite Christus om te verenig, in wese 'n rebellie teen God se orde is en tot mislukking gedoem is.

Daarom bly dit belangrik om versoening in Christus te vind sodat jy 'n gedissiplineerde lewe binne 'n gedissiplineerde volk kan lei wat deur selfbeskikking groei.

Aangesien God erfbesit oor volke het, mag en sal Hy hulle ook oordeel. Dit is 'n verskriklike gedagte waarop volke en hul leiers ernstig ag moet slaan. Juis daarom is dit vir ons as Afrikanervolk belangrik om binne Christus dissipline te vind en daarvolgens ons volk te bou. By Solidariteit Helpende Hand beteken dit om ons volk te dien.

Kolossense 1:17: En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.

Ons roeping is ook veronderstel om diep in ons gedissiplineerdheid gewortel te wees. Die twee moet hand aan hand stap om werklik deel te kan wees van 'n beweegrede om jou volk se welstand te verseker.

Mag ons elke dag, ten spyte van 'n veranderende wêreld, aanhou groei en in ons dissipline verdiep sodat ons ook die voortbestaan en groei van ons volk kan verseker deur werksyn wat welstand skep. ☺

René Roux is bestuurshoof: Media, Solidariteit Helpende Hand.

1. 'n Instelling van die Solidariteit Beweging ook bekend as die Instituut vir Christelike Grondslagstudies.

«Vervolg vanaf bl. 21

Godvresende dissipline

Bybelstudie toe te wy. Ook die dissipline van gebed is belangrik. Gebed is gegee as lieflike voorreg waardeur die kind van God homself weerloos voor God kan stel. Die Skepper het ons met knieë gemaak om gedissiplineerd voor Hom in gebed neer te buig.

2 Dit verg inspanning

Atlete sweet op die atletiekbaan om fiks te word. Tog help dit nie hulle sweet op die baan, maar eet gemorskos by die huis nie. Atlete se lewens word binne en buite hul sportbeoefening deur dissipline gekenmerk. Op gedissiplineerde wyse moet hulle reg eet, genoeg slaap en by 'n roetine hou.

Die sondige wêreld oorspoel die gelowige met al die sondige begeertes van die hart. Daardeur word sommige verstregtel in gemak eerder as om fiks te word (en te bly). Laat ons sweet soos 'n atleet, sê Paulus:

Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuus soos een wat nie in die lug slaan nie. Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie (1 Kor. 9:26-27).

Laat ons die afleidings en verleidings van die wêreld verwyder en

in eerbied voor die Here wandel. Kom ons werk en sweet aan ons Godgegewe vaardighede waardeur ons die Here eer.

Die Here roep elke gelowige op om Hom lief te hê met hart, siel en verstand (vgl. Deut. 6:6; Mt. 22:37). Hier word gespreek van elke faset van ons lewens. Godvresende dissipline vereis om soos Rembrandt van Rijn selfs in skilderwerk, of wat ook al jy doen, die Here te verheerlik.

Laat ons elke dag tyd maak om onself goed in die godsaligheid te oefen. ☺

Ds. Emilè Trollip is leraar van die AP kerke Ottosdal, Sannieshof en Coligny.

GASTEHUIS IN PRETORIA

2 slaapkamers (slaap 4), kombuis,
1½ badkamer, sitkamer en eetkamer.
Geleë in Newlands, Pretoria-Oos (naby
Menlyn winkelsentrum en baie hospitale).
Kontak Rosi: 078 658 6989

AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE

Wit kerkdasse @ **R120** • Moulose swart trui @ **R550**
10 en 20 jaar gedenkdasie ook beskikbaar op navraag

Tel: 015 298 8028 • Faks: 086 530 5709
E-pos: pietersburg@apkerk.co.za

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.

Wil jy in *Die Boodskapper* adverteer? Stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za

Ds. JD van der Merwe

*Stil, broers,
daar gaan 'n man verby,
hy groet,
en dis verlaas.
Daar's nog maar één soos hy;
bekyk hom goed.*

*Al stap hy kromgeknak
en afdraans af,
al klop die hart al flou:
soos altyd is nog nou
elk stap en harts slag trou
tot in sy graf.*

Ná 'n baie geseënde en begaafde lewe kan hierdie gedeeltelike aanhaling uit Jan FE Cilliers se gedig oor genl. De Wet sonder vrees vir enige teenspraak op ds. Hannes van der Merwe van toepassing gemaak word. Hy is in die rype ouderdom van so byna 90 op 2 Desember 2025 na die Vaderhuis opgeroep waar sy Verlosser, Jesus Christus, vir hom plek berei het.

Johannes Dewald van der Merwe is op 22 April 1936 in Bloemfontein gebore en matrikuleer op Kroonstad. Hy moes baie vroeg in sy lewe die Goddelike roeping om 'n VDM (bedienaar van die heilige Woord) te word, ontvang het. Ná skool verwerf hy 'n BA-graad aan die Universiteit van Bloemfontein en by die kweekskool in Stellenbosch die DiplTeol (Diploma in die Teologie). Daarna bedien hy sewe NG gemeentes, naamlik Nkana, Bainsvlei, Jagersfontein, Brixton, Welkom-Noord, Waterbron en Kemptonpark.

Terwyl hy in Nkana leraar was, korrespondeer hy eers 'n taamlike lang ruk met 'n jonger dame, Marie


Smalberger, voordat hulle op 29 Desember 1962 in die eg verbind is. Uit hul huwelik van 52 jaar is drie kinders gebore: Hendrik, Alta en Erna wat mettertyd aanwas met agt kleinkinders en vier agterkleinkinders.

Hy bedank uit die NG Kerk en word op 16 Augustus 1988 as leraar van die AP Kerk Frankfort bevestig. Daarna bedien hy met vrug Lichtenburg en Naboomspruit. Ná sy emeritaat op 30 April 2006 word hy allesbehalwe 'n rustige stoepsitter. Intendeel, met beperkte dienstermyne bedien hy nog agt gemeentes, waaronder Brandfort, Vanderbijlpark en Naboomspruit.

Ds. Hannes had 'n besondere drang om die evangelieboodskap wyd uit te dra. Hy laat 'n preekbundel druk en so word sy preke deur sy seun opgeneem en via Facebook versprei.

Watter besondere genade-voorreg om hom tydens Sinode 1995 in Tukkie se Rautenbachsaal te leer ken en later geseënde, vreugdevolle, dikwels prettige kollegas in Lichtenburg te wees! Mettertyd raak ons boesemvriende wat jare lank saamswoeg aan die hersiening van die *Psalm- en Gesangeboek* (1978) tot met die feestelike ingebruikneming van ons eie *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* op 15 Mei 2015.

Hannes was 'n Skrifgetroue prediker wat daarin kon slaag om selfs die dooplidmate tydens 'n erediens te betrek. Boonop was hy uiters handvaardig, onder andere met die bou van kerkgeboue en kerksale waar hy selfs sekere boumateriaal aangery het.



Sy geliefde stokperdjie? Hy koop ou motorwrakke en herstel dit dan by die pastorie. Daarby was hy 'n poetsbakker tydens gemeentebasaars by pannekoektafels en 'n opperste platjie wat hom min sou steur aan mense se denke of spreke. So het hy, na afloop van 'n begrafnis en teraardebestelling wat ons twee waargeneem het, my skielik beveel om te stop. Toe klim hy uit die motor, kry 'n klip en kap sy enigste oorblywende groen suiglekker flenters om dit met my te deel!

Sy laaste erediens was in die AP Kerk Brits einde Julie 2025. Omdat (prostaatkanker) sy aardse tentwoning met rasse skrede afgetakel het, moes hy uiteindelik die aktiewe Woordbediening vaarwel toeroep.

Sy gesin onthou en eer hom as voorbeeldige eggenoot, vader en oupa. Sommige van sy blywende kenmerkende sêgoed: "Who cares?" "Berispe met jou hande op jou skouers." "Ek gaan 'n nuwe liggaam kry!" 'n Ware en opregte Christenbroeder, Hannes van der Merwe, het my ontval. Hy laat drie broers, 'n suster en bovermelde naasbestaandes na.

Emeritusleraar Danie Malan ☺

AP KERK NEWCASTLE

Protea-jukskeispeelster: Ester de Villiers

Ons is baie trots op sr. Ester de Villiers, ons eie Protea-jukskeispeelster! In 1975 het die senior jukskeispanne in Kroonstad deelgeneem. Met 'n opgewonde hart vol drome het Ester die kranige spelers dopgehou. Veral die kaptein van die Springbokspan het haar daar en dan laat besluit dat sy eendag ook daardie kleure gaan dra ...

Sy het aangehou speel tot ná haar man se dood. Nadat sy Newcastle toe verhuis het, het die organiseerder hier haar weer omgepraat om te begin speel. Die ou entoesiasme en ywer vir die spel het haar dadelik beetgepak. Niks het haar van die baan weggehou nie en sy is dankbaar teenoor ons hemelse Vader wat haar die gesondheid en die genot van die spel skenk.



Sy het Noord-Natal kleure verwerf en in April is sy in Kroonstad vir die Proteaspan gekies. Hulle het aan die einde van Junie Namibië toe vertrek en daar aan die internasionale jukskeibyeenkoms deelgeneem. Hulle het op Vrydag 4 Julie 'n toets teen Namibië gespeel en met die louere weggestap.

Ester is ook 'n kranige tuinier en natuurlik 'n bobaas melktertbakster! Ons is baie trots op hierdie lidmaat van ons.

Annatjie Schutte

AP KERK NELSPRUIT

Kerssangdiens

Dit was vir ons gemeente 'n groot voorreg om op 16 November 'n besondere Kerssangdiens tot eer van ons Here aan te bied. Ons het ook gaste uit die gemeenskap ontvang en daar is uit ons harte gesing in afwisseling met die Woordverkondiging.

Die program is saamgestel deur ds. Arrie van Heerden en sr. Cora van der Nest, wat die begeleiding op die klavier en orrel behartig het. 'n Musiekgroep van NG Westergloed is gevra om aan die program deel te neem en hulle het met sang, dwarsfluit en klarinet kleur aan die verrigtinge gegee.

Ná die diens het die susters 'n heerlike ete by feestelike tafels aangebied. Ons dank ons Here vir sy liefde wat ons so ruim op hierdie dag beleef het.

Miemie van Niekerk





AP KERK DELMAS

Belydenis van geloof

Dit is met vreugde en dankbaarheid dat ons Rainier Myburgh as nuwe lidmaat verwelkom. Rainier het op 16 November belydenis van geloof afgelê. Ds. Pieter van Deventer het die diens waargeneem.

Baie geluk, Rainier. Die gemeente wens jou 'n geseënde geloofspad toe. Ons weet dat waar jy ook al mag gaan, jy 'n ware navorger van die Here sal wees. Ons bedank Rainier se ouers, sr. Benita en br. Rainier, wat vir 12 jaar lank verbondsonderigvoorgangers was. Jul vriendelikheid en toewyding word opreg waardeer.

Fransesca Pretorius



Belydenis van geloof

AP KERK LEEUDORINGSTAD

Belydenis van geloof

Op 9 November het Joané Terblanche belydenis van geloof afgelê, die bewys dat God ons eerste liefgehad het en daarom aan ons genade betoon en geloof in ons werk deur sy Heilige Gees. Ds. Wessel Swart het die diens waargeneem.

Corna Bisschoff



Joané en ds. Wessel

AP KERK MIDDELBURG

Teddiebeer-projek

Ons gaan beertjies brei en alle ouderdomsgroepe (ook die seuns en broeders) is welkom om hand aan die breipenne te slaan. Die patroon van die beertjies is in ons resepteboek, maar enige ander patroon kan gebruik word – alle woldiertjies is welkom! Gebreide beertjies sal deel vorm van die volgende: 50% van die beertjies vir die witolifant- en kindertafel van 2026 en 50% van die beertjies vir die Loerie Kinderhawe in Bronkhorstspuit. Die beertjies help kinders wat deur trauma, verlies of emosionele nood gaan. Dit is nie net vir troos nie, maar dien ook as simboliese boodskappers van hoop en omgee. Ons beoog om ten minste 100 beertjies te brei. Kontak gerus vir Hannie Scholtz (071 642 5972) of Lida Botha (082 777 0736) vir meer inligting.

Hannie Scholtz



AP KERK KLEINFONTEIN

Geseënde en sprankelende klein gemeentetjie

Soos 'n vonkelende ster, so sprankel hierdie klein gemeente in die AP kerkverband in die gemeenskap van Kleinfontein. Dit is 'n gemeenskap wat die afgelope tyd baie onder die gifpenne van die media moes deurloop weens sy selfbeskikkingstrewes. Maar met 'n vaste geloof in die enigste ware God het die Kleinfonteiners teen hierdie en ander aanslae vasgestaan en volstaan. Vervolgens 'n paar van ons hoogtepunte:

Verjaarsdag: Vir die AP Kerk Kleinfontein was 2025 'n jaar vol seëninge en feesvieringe. Op 2 Januarie was dit die gemeente se 20ste verjaardag en op Sondag 12 Januarie is 'n dankseggingsdiens vir 20 geseënde jare gehou.

Doop: Met haar lidmate wat oorwegend "minder jonk" is, is 'n doopplegtigheid sommer 'n groot gebeurtenis. Die doop van klein Christiaan Frans, seuntjie van br. Jan en sr. Germari Conradie, was daarom op 7 April 2024 'n spesiale geleentheid.

Huwelik: Net so skaars is huwelike. Hoewel nie op Kleinfontein nie, is een van ons min jeugdige lidmate, Driaan Beyers jr. op 14 Maart 2025 met die pragtige Roemané van Schalkwyk in die eg verbind.

Oesfees: Op Saterdag 13 September het die gemeente weer 'n baie geslaagde en genotvolle Oesfees aangebied. Die dag het met 'n pretdraf afgeskop waarna 'n heerlike ontbythamburger die moeë ledemate weer krag gegee het en almal in 'n goeie stemming gebring het. Intussen het die skapie al op die spit begin draai om reg te wees vir middagete. Die poeding-, pannekoek- en koektafels het oud en jonk soos altyd soos 'n magneet aangetrek. Die lekker kuier om die koffietafels met al die lekkernye daarby bly maar altyd 'n hoogtepunt. Buite was die skyfskietkompetisie weer sterk mededingend. Daar was ook begeleide perderitte en die twee geskenkte wildsbokke was ook 'n groot aantrekkingskrag op die veiling.

Belydenis van geloof: Ons is dankbaar vir drie nuwe lidmate nadat Rika van den Berg, Janko Loubser en Christiaan van Heerden op 26 Oktober belydenis van geloof afgelê het. Ons wens die drietal 'n geseënde geloofspad toe.

Senior burgers word bederf: Soos dit die jaarlikse gebruik is, het die susters op Sondag 9 November ons senior burgers met 'n heerlike ete ná die nagmaal bederf. Hier op Kleinfontein word slegs lidmate bo 80 as senior burgers geklassifiseer. As ons dit bo 60 maak, sou dit 60% van ons gemeente insluit! Tydens die verrigtinge het ons senior en junior koor pragtige geestelike liederes gesing en br. Barend van den Berg het net so mooi 'n item op sy mondfluitjie gelewer. Tussen oud en jonk is daar 'n lekker gees onder ons lidmate en ons sien al weer uit na al die funksies van 2026.

Hannes Davel



Doop



Huwelik



Oesfees



Belydenis van geloof



Senior burgers



AP KERK NIGEL

Doopgeleentheid en belydenisaflegging

Dit was vir ons gemeente 'n voorreg om op 9 November die sakrament van die doop te kon meemaak, asook die belydenisaflegging van ons twee finalejaarkatgisante. Die doop is aan Zané Jooste bedien. Die twee jong gelowiges wat met geloof en toewyding, onder leiding van ds. Louis Kirstein, hul pad tot belydenisaflegging gestap het, is Evan Neytchev en Zané Jooste.

Baie geluk aan ons twee nuwe belydende lidmate. 'n Spesiale dank aan die ouers en grootouers wat hierdie geloofsreis moontlik gemaak het deur voorbeeld, ondersteuning en gebed. Mag hierdie dag 'n herinnering wees dat geloof nie in isolasie groei nie, maar dat dit floreer in gesinne, gemeenskappe en harte wat saam God se lig dra.

Elsa Greyling



Zané en ds. Louis



Ds. Louis, Zané en Evan

AP KERK PRETORIA-OOS

Senior Vriendekring

Op Dinsdag 4 November het die Senior Vriendekring van die AP Kerk Pretoria-Oos die jaar met 'n heerlike Kerstee afgesluit. Die gaskunstenaar was Christo Botha. Hy het pragtige nostalgiese liedere gesing, wat almal terdeë geniet het.

Sr. Alta Celliers, voorsitter van die seniors tesame met haar span, het moeite gedoen om die tafels feestelik met pragtige dekor te versier. Elkeen het 'n bordjie eetgoed gebring en die byeenkoms is met tee en verversings afgesluit.

Marina Kapp



Senior Vriendekring

ST LUCIA - Vakansiewoonstelle te huur

Villa Mia 22 - 2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon (slaap 4). **Villa Mia 15** - 2 slaapkamers, 1 badkamer (stort), stoep (slaap 6). Veilige parking (afdak) in die kompleks, swembad, braaigeriewe, gratis WiFi en daaglikse skoonmaakdienste.

SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's

ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS

Vakansiewoonstel loopafstand vanaf die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6), volledig toegerus met DSTv.

Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430



AP KERK WATERBERG

Senior Aksie

Die Senior Aksie van die AP Kerk Waterberg het heerlik saamgeëet en saamgekuier tydens hul jaarlikse afsluiting. Br. Dawie Herrman (95) was ook daar. Hy het almal met sy kwinkslae laat skaterlag.

Foto: Agter v.l.n.r.: Br. Henty Grobbelaar, srs. Danita van der Walt, Bessie van Heerden en Soekie van Tonder. Voor v.l.n.r.: Srs. An Jakobs, Cecilia Kühler, br. Dawie en sr. Marina Herrman.

Elize Pretorius



IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za

BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

Ruim, luukse oornagwoonstel, asook kothuis en kamers, met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid. Veilige parkering. Skoon en netjies met TV. Stil en rustige atmosfeer.

Tel: 051 522 6035 / Sel: 082 726 9959

VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTE TE VOORSIEN.

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

www.volkshulp.org.za

Tel: 012 755 8201 • Sel: 082 6827454

Adres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

BLOKKIESRAISEL-ANTWOORDE: DESEMBER 2025/JANUARIE 2026 (BL.)





AP KERK MARBLE HALL

'n Skat in ons moedertaal

*Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou?
Deur dit te hou na u woord (Ps. 119:9).*

Op 31 Augustus het iets besonders plaasgevind toe die verbondskinders van die AP Kerk Marble Hall hul sakke leeggeskud en hul spaarvarkies omgedop het – nie vir speletjies of lekkernye nie, maar vir die verspreiding van die grootste skat: die Woord van God.

Ons jaarlikse muntlegging vir die Bybelgenootskap was nie net 'n insameling van geld nie, maar 'n viering van genade en 'n diepe liefde vir God se Woord. Met blink ogies, oop harte en hande vol muntstukke het kinders, van die kleinste kleuter tot tieners wat al jare lank in die verbondsonderrig geleer en gevorm word, bygedra tot 'n saak wat hulle waarlik na aan die hart lê.

Wat hierdie geleentheid so besonders maak, is nie net die getalle of die geld wat ingesamel is nie, maar die gees waarin dit gedoen is. Hierdie kinders glo vas dat dit 'n voorreg is om die Bybel in hul eie taal te hê – Afrikaans, die taal waarin hulle bid, sing, leer en droom. Hulle besef: Nie elke kind op aarde kan dieselfde sê nie.

In 'n wêreld waar God se Woord dikwels stilgemaak of vergeet word, staan ons jonger geslag op en met spaarvarkies en Bybels in die hand, sê hulle: "Ons sal u Woord liefhê, ons sal dit eer, en ons sal help dat ander dit ook kan hoor."

Oudl. Bennie Burger
Voorsitter: Verbondsonderrig




AP KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

Belydenis van geloof

Op 3 November het vier finalejaarkatgisante belydenis van geloof voor die aangesig van ons hemelse Vader afgelê. Ons is verheug om Anke van der Merwe, Inge van der Merwe, Chrisjan van Aswegen en Gabby Ann Diedericks as lidmate te verwelkom.

Ds. AE van den Berg het oor die wapenrusting van God gepreek en br. Jan Trollip het die wapenrusting van God tydens die erediens demonstreer. Ná die erediens het die gemeente heerlike versnaperings en koffie geniet wat deur die vroue-aksie voorberei is.

Ashley Gordon



Br. Jan Trollip demonstreer die wapenrusting van God

AP KERK RUSTENBURG

Lief en leed

Op 3 Januarie het ds. Nico en sr. Tersia Grobler 'n "driekuns" behaal toe hul derde kleindogter gebore is. Ons wens die familie baie geluk en seën toe.

Twee voormalige lidmate is gedurende 2025 oorlede. Tannie Hanneljie Buitendag, stigterslid van die gemeente, is op 23 Augustus in die ouderdom van 88 in Kemptonpark, waar sy die afgelope paar jaar gewoon het, oorlede. Reinette de Waal is op 5 November in die ouderdom van 71 in Orania oorlede waar sy en haar man sedert 2022 gewoon het. Antonie Jacobs is op 11 November in die ouderdom van 44, ná 'n lang siektetoestand, oorlede. Ons bid hul naasbestandes die troos van ons hemelse Vader toe.

Verbondsonderrigafsluiting en doopbediening

Op Sondag 2 November is die jaar se werk afgesluit met die kinders wat hul seëls en sertifikate ontvang het. Op dieselfde dag is Marthinus J Pretorius (MJ) deur sy oupa, ds. Dawie Pretorius van die AP Kerk Mosselbaai, gedoop.

Belydenis van geloof

Tydens die voorbereidingsdiens op Sondag 9 November het Dianè Vosloo en Freek Blignaut belydenis van geloof afgelê.

Micky Badenhorst



Ds. Pretorius, MJ en sy ouers, br. Thinus en sr. Lorinda Pretorius



Ds. Nico Grobler, Dianè en Freek



Verbondskinders en hul voorgangers, twee kerkraadslede en die verbondshoof



TUINWOONSTEL TE HUUR (PRETORIA, LYNNWOOD)

Ruim, groot woonstel beskikbaar om te huur vir 'n enkel, jong, studerende of werkende Christelike persoon sonder afhanklikes. Dit is geleë in Pretoria, in Lynnwood se stil, veilige Strubenkop-sekureiteitspark.

Die woonstel is gemeubileerd. 'n Ruim slaapkamer/studeerkamer met ingeboude kas en lessenaar, ook 'n sitkamer, badkamer met stort, wasbak en toilet, private stoep in tuin met tuinmeubels waar gebraaai en gekuier kan word.

Wasmasjien en tennisbaan kan gebruik word. Internet is gratis, met vinnige spoed en onbeperkte hoeveelheid data. Veilige onderdakparkerings. Gratis water en elektrisiteit.

Slegs nieroker. Nie troeteldiere nie.

Die woonstel is beskikbaar vanaf **1 Januarie 2026**, prys is R4 300 p.m.

Kontak dr. Adie Viljoen enige tyd op 082 900 5566 of adieviljoen@surgeon.co.za indien jy belangstel.

Selfoonkontak verkieslik, ek is ook op WhatsApp.



SCRIPTURA: MOTORFIETSTOER 2026

Scriptura, die AP kerkverband se motorfietstoergroep, se 15de motorfietstoer besoek die Oos-Vrystaat en duur van 11 tot 18 September 2026. Ons sal tuisgaan in die luukse chalets van Kiara Lodge net buite Golden Gate Hoogland Nasionale Park van waar ons besienswaardighede sal besoek, waaronder Katsedam en Afriski-ski-oord in Lesotho.

Die toerkoste beloop R2 200 per persoon wat deel. Dit sluit sewe nagte se verblyf in, asook die bydrae tot die koste van 'n bystandsvoertuig en 'n bakkie.

**Vir verdere navrae, kontak Johan Kriek
083 625 7367 | apktoer2014@gmail.com**



AP KERK MIDDELBURG

Nagmaalete

Met ons laaste nagmaalete was die saal propvol en elke tafel pragtig gedek. Die goeie opkoms het 'n wonderlike atmosfeer van warmte en saamhorigheid geskep. Die Kerstema met liggies en kerse was vir almal 'n groot verrassing en geselskap het soos 'n simfonie deur die saal gedruis. Wat hierdie ete so besonders gemaak het, was dat soveel lidmate opgedaag het om die jaar in geloof en gemeenskap met mekaar af te sluit. Dit was 'n oggend waar vreugde en liefde oorvloedig teenwoordig was – 'n ware viering van die lig wat Christus bring en die geskenk van saamwees.

Senior burgers eet saam

Die saal vol pragtige gedekte tafels en die geur van heerlike boerekos het in die lug gehang. Dit was egter die glimlagte, vriendelikheid en liefde wat die spesiale ete 'n ware fees gemaak het!

Ds. Armand van Zyl het die ete met Skriflesing, 'n gepaste boodskap en 'n tafelgebed geopen. Die opkoms was oorweldigend! Ons senior burgers het in groot getalle opgedaag. Hierdie baie spesiale ete was nie net 'n ete nie, maar 'n viering van die kosbare rol wat hulle in ons geloofsgemeenskap speel.

Die pragtige fotohoekie het gesorg vir baie spesiale nuwe herinneringe. Elke senior burger kon 'n spesiale boksie lekkernye, 'n pakkie beskuit en 'n botteltjie tuisgemaakte konfyt saamneem huis toe. Baie dankie aan elke senior burger se teenwoordigheid en lekker saamkuier!

Belydenisaflegging

Op 26 Oktober het hierdie pragtige groep finalejaarkatgisante onder die leiding van ds. Armand van Zyl belydenis van geloof afgelê: Alisha Bekker, Talita Vermaak, Megan Struwig, TJ Pienaar, Mart-Mari Moolman, Elzani de Vaal, Nedine de Lange, Duandre Cock en Esmé Blom. Hulle het met liefde en oorgawe hul geloof bely en bevestig dat hulle Christus volg en dien. Hierdie dag is 'n kosbare herinnering dat God se genade ons dra en sy liefde ons aan mekaar verbind. Ons gemeente omhels hulle met seënbede en vertrou dat hulle altyd sal wandel in lig, liefde en waarheid.

Hannie Scholtz



Nagmaalete



Senior ete



Senior ete



Belydenisaflegging



Georges de Villebois-Mareuil: Franse nasionale held wat vir Boerevryheid sterf

Alana Bailey

In Pretoria laat een van die straatname gereeld tonge knoop, naamlik De Villebois-Mareuilstraat in Moreletapark. Min mense weet dat dit na 'n Franse edelman vernoem is wat as vrywilliger aan Boerekant aan die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) deelgeneem het.

Graaf Georges Henri Anne-Marie Victor de Villebois-Mareuil is op 22 Maart 1847 in Montaigu, digby Nantes in Frankryk gebore. Ná militêre opleiding in Frankryk, is hy na Cochinchina (deel van die hedendaagse Viëtnam) verplaas waar hy tot luitenant bevorder is.

Met die aanvang van die Frans-Pruisiese Oorlog (1870-1871) het hy eers by die Sewende Bataljon des Chasseurs à Pied aangesluit en toe bevel van die Sesde Bataljon oorgeneem. Onder sy deurslaggewende leiding is die stad Blois van Pruisiese beleëring ontsiet, maar teen hoë persoonlike koste – hy is ernstig gewond en het nege maande in die hospitaal deurgebring voordat hy sy militêre loopbaan kon hervat.

Ná sy herstel word hy as kaptein na Algerië gestuur. Teen 1892 was hy die jongste kolonel in die Franse leër. Nogtans is sy versoek in 1893 om na Madagaskar verplaas te word, geweier. In 'n poging om tog daarheen te gaan, sluit hy by die Vreemde Legioen aan, maar ook sonder sukses. In 1896 bedank hy ontnugterd uit die Franse leër.


Twee gebeure het hom diep gekwes: Die dood van sy vrou

in 1893, en die Franse nederlaag van 1898 in Soedan teen die Britte. Hy wou sy vaderland se militêre glorie herwin en het die Anglo-Boereoorlog beskou as die geleentheid om dit te doen. Hy het verklaar:

“Sy [Engeland] het aan ons [die Franse] ’n Honderdjarige Oorlog gegee, en vir honderd jaar het sy die boere van die Kaap beroof. Sedertdien het sy elke vredesverdrag geskend. Haar haat teen die Boere is selfs feller, want daar vloei Franse bloed deur hul are.”

De Villebois-Mareuil het dus na Mosambiek vertrek om van daar as vrywilliger by die Boeremagte aan te sluit.


Aanvanklik het generaal Piet Joubert hom as majoor aangestel, maar ná sy onverskrokke deelname aan die Slag van Colenso (15 Des. 1899) is hy tot majoor-generaal bevorder. Op 17 Maart 1900 word hy as aanvoerder oor alle buitelandse vrywilligers aangestel.





Dissipline

Pieta Oosthuizen



Wanneer daar oor dissipline gepraat word, dink 'n mens eerstens aan 'n stel reëls wat afdwing word om 'n sekere uitkoms te bereik, byvoorbeeld beter gedrag van leerlinge in die klaskamer. Daar is egter ook 'n ander vorm van dissipline en dit is om die regte manier van optrede daaglik en konsekwent in te oefen. Selfdissipline is om te besef dat harde werk tot sukses lei en juis daarom stel ek vir myself doelwitte wat deur harde werk bereik kan word. Ek staan byvoorbeeld vroegoggend op, doen Bybelstudie, hersien my akademiese werk vir die komende eksamen of werk aan my fiksheid om gereed te wees vir die 1 500 m vir volgende week se huissport. Ek kasty dus myself om my doelwitte te bereik en die beste weergawe van myself te kan wees om sodoende van die wêreld om my 'n beter plek te maak. *Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar ...* (1 Kor. 9:27).

Aankweek van selfdissipline

In ons strewe om dissipline te handhaaf, fokus ons as ouers dalk meermale eerder op die afdwing van reëls as op die aankweek van selfdissipline by ons kinders. Dit is soms vir ons belangriker om te let op watter reëls veral ons tienerkinders verbreek het

en hoe ons hulle gaan straf, as om vir hulle selfdissipline aan te leer. Vestig dus van kleins af 'n spesifieke roetine by jou kind om in die klein dingetjies getrou te wees. Getrouheid is die beginpunt van selfdissipline. In Lukas 16:10 word hierdie feit op ouers se harte gedruk:

Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou ...

Iets soos Bybellees en Bybelstudie is op sigself 'n dissipline wat aan moedersknies geleer en ingeoefen moet word. Leer jou kinders om doelwitte te stel en van jongs af gedissiplineerd daarvoor te werk, ongeag wat die wêreld daarvan dink of sê.

Dissipline: Waardes eerder as die nakoming van reëls

Die tien reëls in ons huis of in Juffrou of Meneer se klas kan eintlik met net een woordjie vervang word: "respek". Respek vir God en sy Woord, respek vir my medemens en respek vir myself is al wat ek nodig het om by enige stel huisreëls of klasreëls te bly. *Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met 'n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde* (Efés. 6:2-3). En as Pa en Ma, Meneer en Juffrou ook

erns maak met respek, dan is die wêreld mos al klaar 'n baie beter gedissiplineerde samelewing.

Dissipline begin by die ouerhuis

Natuurlik begin dissipline by Pa en Ma in die huisgesin en Meneer of Juffrou in die klaskamer. Ouers moet dus eers voor hul eie deur vee en die dissipline by die huis in orde kry, voordat daar vingers na die skool gewys kan word. Drie dekades in die onderwys het my geleer dat skole se grootste dissiplinêre uitdagings afkomstig is van leerlinge vir wie daar tuis geen grense gestel word nie. Dit lei daartoe dat skole sukkel met ongehoorsame kinders en gehoorsame ouers. Hierdie gehoorsame ouers bederf hul kinders tot in die afgrond toe en maak 'n geslag kinders groot wat geen respek vir God, sy gebod en die gesag en reëls van die samelewing het nie. Spreuke 29:15 beaam dit:

... 'n seun wat aan homself oorgelaat word, steek sy moeder in die skande.

Die skool se taak en verantwoordelikheid

Skole se taak en verantwoordelikheid is om nie net op die onderrig van kinders te fokus nie, maar ook op hul opvoeding. Om wiskunde

deur te kom, is belangrik, maar dit is belangriker om Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser en Saligmaker te erken en seker te maak dat jou lewe daaglik daarvan getuig. *Soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid ...* (Mt. 6:33). Die skool moet die goeie werk wat deur gelowige ouers in die huisgesin gedoen word, voortsit en die kerk moet verder op daardie grondslag bou. Dit is die fondasie vir 'n gesonde samelewing.

Wees aan God gehoorsaam

Vir ons as gelowiges is dit natuurlik baie belangrik dat ons hele lewensuitkyk daarop gerig moet wees om aan God

gehoorsaam te wees soos wat Hy Hom in sy Woord aan ons openbaar. Ons antwoorde op alledaagse kwessies soos opvoeding, dissipline, selfdissipline, tugtiging en straf sal ons dus in die Bybel vind. En ons weet tog almal dat liefde die hoofboodskap van die Bybel is. Net soos Hy ons liefhet, moet ons ook mekaar liefhê. Sonder liefde beteken dissipline net mooi niks, *want die Here tugtig hom wat Hy liefhet* (Hebr. 12:6).

Liefde is die groot gebod

Dissipline moet in liefde toegepas word om enigsins van waarde te wees. Ons kinders moet in liefde by die huis en by die skool

opgevoed en van God se groot liefde en genade vir sy kinders geleer word, grense moet vir hulle in liefde gestel word en hulle moet in liefde gedissiplineer word. En Pa en Ma, Meneer en Juffrou, onthou tog dat jy soveel meer sukses met dissiplinering sal behaal wanneer kinders God se liefde in jou optrede kan sien.

Liewe Pa en Ma

- Kinders is 'n geskenk van die Here, koester dit.
- Dissipline begin tuis, ook selfdissipline.
- Enige vorm van dissipline of teregwyding geskied in liefde.
- Laat God se lig in en deur jou skyn. ☺

◀ Vervolg vanaf bl. 34

George s de Villebois-Mareuil: Franse nasionale held wat vir Boerevryheid sterf

Vir dié toegewyde militaris was dit duidelik 'n uitdaging om dissipline onder sy manskappe – wat vele nasionaliteite ingesluit het – te handhaaf. Oor die Boere het hy gesê:

“Edel en grotendeels van goeie herkoms, woon hulle op hul plase soos in die kastele van ouds, vry en afgesonderd ... Hierdie mense staan op in die aangesig van die hele wêreld en trotseer die agteruitgang van ons té gevorderde beskawings.”

'n Agterryer het De Villebois-Mareuil en sy manne helaas aan die Britte verraa. Op 5 April 1900 kom dié groepie vrywilligers teen

'n oormag van 750 Britse soldate onder die aanvoering van lord Methuen te staan. De Villebois-Mareuil het op die voorpunt geveg en is noodlottig gewond. Hy blaas sy laaste asem uit op 'n koppie op die plaas Kareepan naby Boshof. Methuen het toegesien dat hy met volle militêre eerbewys op Boshof te ruste gelê is en het self vir die begrafnis betaal. In 1971 is De Villebois-Mareuil se oorskot in die helde-akker by Magersfontein herbegrawe.

In Frankryk is 'n diens ter herinnering aan hom in die Notre Dame in Parys deur sowat 10 000 mense bygewoon. 'n Monument is ter ere aan hom in Nantes op die plein voor die Beursgebou opgerig. Brons friese daarop beeld die veldslae by Blois en Boshof uit en bo-op is 'n standbeeld van De Villebois-Mareuil wat in die

arms van 'n figuur wat Frankryk verpersoonlik, sterf. Publieke bydraes het daarvoor betaal en dit is op 26 Oktober 1902 onthul. Paul Kruger was skynbaar self by die geleentheid teenwoordig. Standbeelde is ook in Orleans en Grez-an-Bouère opgerig.

Tydens die Duitse besetting van Frankryk in die Tweede Wêreldoorlog is verskeie Franse standbeelde vir wapenvervaardiging gesmelt, maar De Villebois-Mareuil se beeld in Nantes is weens sy reputasie as vegter teen die Britte gespaar! In 2020 is dit deur antikolonialiste met verf gevandaliseer, maar dit is netjies gerestoureer en vertel vandag steeds die verhaal van hierdie dapper man wat sy lewe vir die Boere en sy land se eer opgeoffer het. ☺

SMELTOOND

• Februarie 2026 •

Deur Jaco Kleynhans



Hoop vir verandering in Iran neem toe

Die nuwe jaar het in geopolitieke terme teen 'n ongekende spoed weggespring. Van die Amerikaners se heldhaftige inhegtenisneming van president Nicolás Maduro en sy vrou in Venezuela, tot die Amerikaanse president se dreigemente oor Groenland, vlootoefeninge deur 'n groep Brics-lande aan die Suid-Afrikaanse kus, asook toenemende politieke onsekerheid in Europa en China, is die tafel gedek vir ingrypende internasionale veranderinge.

Een land wat ons egter nie uit die oog moet verloor nie en oor wie daar in die hoofstroommedia heeltemal te min berig word, is Iran. Sedert die begin van die jaar was daar grootskaalse betogings in Iran teen die streng Islamitiese bewind van Ajatolla Ali Chamenei en sy sogenaamde Vergadering van Deskundiges. 'n Meerderheid van die bevolking in Iran verlang na wesenlike hervormings, maar die teokratiese regering verhoed dit deur enige protesoptrede te onderdruk, vryheid van spraak in te perk en hardhandig teen die opposisie op te tree.

Sedert die Islamitiese Revolusie van 1979 is Iran een van die mees anti-Westerse lande in die wêreld en is voortdurend direk by die stryd rondom die voortbestaan van Israel betrokke. Oor die jare heen het Iran 'n uitgebreide netwerk van proksiegroepe in ander Midde-Oosterse lande opgebou, wat reeds tot wesenlike aanvalle op Westerlinge en Israel gelei het.

Iran, 'n groot land met 'n bevolking van bykans 93 miljoen mense, is strategies geleë en ryk aan natuurlike hulpbronne, insluitend die wêreld se vierde grootste onontginde oliereserwes. Die land beskik oor die tweede grootste ekonomie in die Midde-Ooste, naas Saoedi-Arabië. Tussen 20% en 30% van die wêreld

se olie word deur die Seestraat van Hormuz vervoer – 'n smal seeroete wat in praktyk grootliks deur Iran beheer word.

Die afgelope paar jaar is nuus oor Iran oorheers deur die geskil rondom dié land se kernprogram, met die Amerikaners en Israel wat verlede jaar selfs reuselugaanvalle op Iran uitgevoer het om dit te vernietig. Iran se steun aan Hamas, Hisbolla, die Houthi's in Jemen en verskeie groeperinge in Sirië en Irak, het bygedra tot hul muishondstatus.

Iran se verhaal is egter heelwat meer ingewikkeld as die eng Islamitiese karakter wat die land sedert 1979 geniet. Die Islamitiese geloof is eers tussen 633 en 651, ná die val van die Sassanidiese Ryk, in Iran bekendgestel. Die Islamisering van die bevolking het eeue geneem en eers teen die 16de eeu sou Islam die amptelike staatsgodsdienst van Iran word.

In teenstelling hiermee het die Christendom, en selfs die Joodse geloof, 'n veel langer geskiedenis in Iran wat so ver terug as die eerste eeu na Christus dateer. Iran, wat destyds deel van die Persiese Ryk was, het groot Assiriese en Armeense bevolkings gehad wat 'n beduidende rol in die regering van die land gespeel het.

Alhoewel daar vandag op die meeste nog sowat 370 000 Christene en 25 000 Jode in Iran oor is, het veral die Christendom oor 2 000 jaar 'n beduidende rol in die land gespeel. Die afgelope paar jaar is daar 'n toename in die Christenbevolking, veral deur die bekering van Moslems en sekulêre Irannese tot die Christendom. In Iran, soos in talle ander Islamitiese lande, is dit onwettig vir 'n Moslem om tot die Christendom te bekeer.

Dit sluit aan by 'n reeks verkeerde persepsies wat dikwels oor Iran bestaan. Eerstens is minder as die

helfte van die bevolking van Iran nog tot Islam verbind. 'n GAMAAN-peiling in 2020 het getoon dat slegs 40% van die land se bevolking hulleself nog as Moslems beskou.

Minder as 40% van Irannese het in die afgelope twee verkiesings gestem. Die groot wegblystem hou verband met 'n groterwordende protes van 'n meerderheid van die bevolking wat die teokratiese regime teenstaan. 'n Meerderheid van Iran se bevolking is inderwaarheid pro-Westers en ondersteun volwaardige demokratiese hervormings sowel as 'n beëindiging van die streng Islamitiese orde.


Dit alles hou noukeurig verband met die unieke geskiedenis van Iran. Die Irannese is natuurlik nie Arabiere nie, maar Persiërs. Hulle praat Farsi, 'n taal wat taalkundig nader aan Europese tale soos Duits en Engels staan en geen direkte verband met Midde-Oosterse tale soos Arabies het nie.

Daarom is dit wat in Iran gebeur van groot belang. Indien die mense van Iran uit groterwordende protes uiteindelik die bewind van Chamenei tot 'n val kan bring en daar 'n ware demokrasie in Iran kan ontstaan, kan dit tot grootskaalse veranderinge in die Midde-Ooste lei. Dit kan egter ook beteken dat Iran in die toekoms weer noue bande, soos voor 1979 se revolusie, met die Weste kan smee, wat 'n beduidende terugslag vir Islamitiese terreurgroepe in die streek kan wees.

Die Christelike geloof in die Midde-Ooste – eens op 'n tyd 'n bakermat van die Christendom – verkeer onder reusedruk, maar in Iran is daar groot potensiaal vir herlewing. Bid dus dat die deursettingsvermoë van die Irannese uiteindelik tot sinvolle hervormings en herlewing sal lei – in die belang van die Christene in Iran en ook ander Midde-Oosterse lande soos Irak en Sirië. ☺

KRY VANDAG
nog jou kopie!
R430

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Steinaecker's Horse: 'n Histories-Argeologiese rekonstruksie

'n Moet-lees-navorsingsboek vir elke geskiedenis- en kultuurliefhebber wat die verlede wil herleef op die spore wat soldate agtergelaat het.

NOU BESKIKBAAR

Wie sê julle is Ek?

R100

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Geloof sonder belydenis is 'n boom sonder vrug.
Belydenis sonder geloof is 'n boom sonder wortels.

WAT GEBEUR

wanneer geloof en teologie bots?



Kla jou moeder aan
gee Skrifgetroue
antwoorde op
die vrae wat die
NG Kerk verdeel

R130

Bestel aanlyn of besoek
ons boekwinkel

Lig in Duisternis
UITGEWERS

NOU BESKIKBAAR

R165

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Voeg by JULLE GELOOF ...

366 dagstukkies | 12 deugde | Een jaar van groei

Die Nuwe Testament met die kanttekeninge is nou in Afrikaans beskikbaar

Jou sleutel tot die verstaan van moeilike Skrifgedeeltes

Kry nou die Bybel
wat in die wakis saam met
die Voortrekkers gekom het

R185



Lig in Duisternis
UITGEWERS

Kry jou daaglikse dosis inspirasie met ons nuwe bekere

Ideaal om as 'n
geskenk te gee

Bestel vandag nog

Lig in Duisternis
UITGEWERS

Kies tussen 'n verskeidenheid
unieke Bybelverse en boodskappe





'n Gedissiplineerde jongman

In die tuin van Eden skep die HERE God die man. Hierdie man word kunstig deur die HERE gevorm om gedissiplineerd vir Hom te werk. Voor die sondeval het God die mens in die tuin van Eden laat woon om dit te bewerk en te bewaak (vgl. Gén. 2:15).

Bewerk beteken om soos 'n flukse werker besig te wees. Die mens wat uit die stof van die aarde gevorm is, word geroep om die stof van die aarde te bewerk en daaraan vorm te gee. Werk is ingestel sodat die mens deur sy goeie dissipline God kan verheerlik.

Bewaak verwys daarna om soos 'n wag teen gevare te beskerm. Adam is as priester aangestel om die ontmoetingsplek van God teen onheil te bewaar. Hy moes

dissipline in sy verhouding met God toepas.

ONGEDISSCIPLINEERDHEID TREE IN

In Génesis 3 lees ons van die sondeval. Adam en Eva eet van die boom van die kennis van goed en kwaad. Nadat hulle van die boom gepluk en geëet het, word hulle bang vir God. Adam moes as man sy taak, om die tuin te bewerk en te bewaak, gedissiplineerd uitvoer, maar het misluk. Hy het nie die werk gedoen waarvoor God hom geskep het nie.

Génesis 3:17-19 vertel van Adam se straf: ... *vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In*

*die sweet van jou aangesig sal
jy brood eet totdat jy terugkeer
na die aarde, want daaruit is
jy geneem.*

Die HERE se opdrag aan die mens verander nie. Adam moes steeds dissipline toepas deur die skepping te bewerk en te bewaak. Hierdie opdrag om dissipline in jou werk en godsdiens te hê, geld vir ewig en vir alle mense. Die probleem is egter dat die werk van die man nou swaar en moeilik geword het. Daarom sukkel veral die man om gedissiplineerd in sy godsdiens en werk te wees.

ONGEDISSIPLINEERDHEID IS 'N GEVOLG VAN DIE SONDEVAL

Iemand wat ongedissiplineerd optree, is net soos Adam daar in die tuin – hy doen nie die werk waarvoor God hom geroep het nie. Die Bybel sê baie oor ongedissiplineerdheid – daar word dit luiheid genoem. *Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys!* (Spr. 6:6).

Hierdie geneigdheid tot ongedissiplineerdheid is 'n swakheid waarteen elke kind van God ernstig moet waak. Salomo roep ons op om te gaan kyk na die mier en wysheid te kry. Die mier het niemand wat hom aanvoer en opdragte uitdeel nie en tog bly dit gedissiplineerd. So moedig Salomo ons aan om dissipline in ons lewens toe te pas.

Hoe kan die jongman van God dissipline in sy lewe terugkry?

1. Verander jou begeertes

Die groot oorsaak van ongedissiplineerdheid is dat die mens luiheid begeer. Ons soek wat vir ons lekker en maklik is. Paulus roep ons in Filippense 4:8 op om alles te bedink wat vir die Here goed is. 1 Johannes 2:17 leer dat die wêreld en sy verleidings eendag sal vergaan, maar die wil van God is ewig. Bid dat die Gees jou begeertes met God se begeertes laat ooreenkom.

2. Raak gemaklik met ongemak

Alle werk wat ons op hierdie aarde doen, veroorsaak ongemak. Skool, ekstra wiskunde-klasse, of oefening op die atletiekbaan is nie altyd lekker nie. Alles wat dissipline van die mens vra, veroorsaak ongemak. Tog is ons geroep om “tevrede” te wees met ons ongemak. Dit beteken dat ons skool toe gaan of ons werk getrou doen, al is dit nie altyd lekker nie.

3. Bly gedissiplineerd voor die Here

Die kind van God is veral geroep om dissipline te hê in Bybellees en bid (stiltetyd). Ons is geroep om in 'n verhouding met die Here te staan en aan enige verhouding moet daar gewerk word. Die sonde wil ons van God verwyder deur ons geestelik ongedissiplineerd te maak. Laat ons deur die Gees biddend en werkend voor God leef.

Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden
gestel om dit te bewerk en te bewaak. (Gén. 2:15)





GOD SE VERBOND MET SY KINDERS



Pa's, ma's en kinders staan in 'n liefdevolle ouer-kind-verhouding met mekaar. In hierdie verhouding is daar sekere dinge wat ouers moet doen, en dinge wat kinders moet doen. Pa's moet byvoorbeeld baie hard werk om te sorg dat daar genoeg geld is om kos en klere te kan koop. Ma's help pa's soms daarmee, maar moet ook sorg dat alles in die huis in orde is. Kinders moet hul ouers in en om die huis help en gehoorsaam wees aan die reëls wat pa's en ma's vir die huishouding het. As ouers en kinders getrou doen wat elkeen se opdrag is, sal hierdie ouer-kind-verhouding 'n geseënde verhouding wees.

God werk amper op dieselfde manier met sy kinders. Hy bewys sy

liefde vir en sy getrouheid aan sy kinders deur sy verbond.

Wat is 'n verbond? 'n Verbond is 'n ooreenkoms wat tussen twee partye gesluit word. God se verbond in die Bybel is 'n ooreenkoms tussen Hom en sy kinders. Dit is 'n belofte waardeur Hy belowe om vir sy kinders 'n God te wees, en hulle belowe om vir Hom 'n volk (sy kinders) te wees. Die nakoming van God se belofte hang af van sy kinders se gehoorsaamheid aan die bepalings en verpligtinge (of reëls) wat Hy met die verbondsluiting gee.

God se verbond met sy kinders het sekere kenmerke:

- **Dit is beloftes.** So beloof God byvoorbeeld aan Abraham

se nageslag die Beloofde Land, Kanaän.

- **Daar is bepalings en verpligtinge.** Dit is die dinge wat die volk moet doen om God se seën te ontvang. Die probleem is egter dat die sonde ons verhoed om dit alles te doen. Gelukkig het God sy Seun gestuur om in ons plek aan hierdie bepalings en verpligtinge gehoorsaam te wees. Elkeen wat in Jesus Christus glo, word deur God gesien as iemand wat aan al sy bepalings en verpligtinge gehoorsaam was.
- **Daar is tekens.** In die verbond wat die HERE met Noag gesluit het, is die reënboog byvoorbeeld die teken van die verbond.
- **Daar is 'n verbondsformule.** Die HERE se woorde toe Hy sy verbonde met sy kinders ingestel het, was: “Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal vir My 'n volk wees.”

Daar is verskillende name vir hierdie verbond wat elkeen 'n belangrike saak wil beklemtoon. Ons gaan elkeen in die volgende paar uitgewes bespreek.

DIE WERKVERBOND (1)

In die tuin van Eden het God met die eerste mens Adam, wat die verteenwoordiger van al die mense ná hom is, die werkverbond gesluit. In hierdie verbond het die HERE God belowe dat Hy vir Adam sal sorg en hom sal seën. Van sy kant

af moes Adam God liefhê en Hom gehoorsaam wees.

Die werkverbond is opgeskryf in Génesis 2:15-17:


Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak. En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.

Adam se verpligting was om die tuin van Eden te bewoon, te bewerk en te bewaak. God se bepaling was dat hy van enige boom in die tuin mag eet, behalwe van die boom van die kennis van goed en kwaad. God se belofte in die werkverbond was: “Adam, as jy gehoorsaam is, sal jy lewe.” God se waarskuwing aan Adam as hy die bepaling nie nakom nie, was: “Adam, as jy ongehoorsaam is, sal jy sterwe.”

As Adam aan God gehoorsaam was, sou hy vir ewig gelewe het. Adam kon dit egter nie doen nie en ons ook nie. Die Here Jesus Christus wat volmaak gehoorsaam was aan die verpligting van die werkverbond, het dit vir ons verdien. Deur sy verdienste het ons die ewige lewe.

In Spreuke 10 word 'n groot aantal kort gesegdes genoem. Hierdie losstaande waarhede bied egter baie goeie praktiese raad vir die mens wat 'n vroom lewenswandel nastreef. Sommige mense bring ongeluk oor hulleself omdat hulle verkeerde keuses maak. God se beginsels vir die regte lewenswyse bring egter blywende geluk.

WYSHEID VIR ALLE MENSE



Opgestel deur
Daleen Pienaar

DWARS

1. Kosbaarhede (Spr. 10:2)
4. Dit verwek twiste (Spr. 10:12)
7. Tyd van voedselinsameling (Spr. 10:5)
8. Verbloem, kamoefleer (Spr. 10:11)
9. Verkry, verdien (Spr. 10:2)
11. Verstandige seun (Spr. 10:1)
13. Strewe (Spr. 10:24)
15. Hardwerkendes word ryk (Spr. 10:4)
17. Verheug, bemoedig (Spr. 10:1)
18. Tot niet gaan (Spr. 10:7)
19. Gewin, bruikbaarheid (Spr. 10:2)
20. Die slimste man ooit (Spr. 10:1)
21. Dit bedek oortredinge (Spr. 10:12)

AF

1. Orkaan (Spr. 10:25)
2. Luierige hand (Spr. 10:4)
3. 'n Sinvolle gesegde (Spr. 10:1)
5. Geldgebrek bring behoefte (Spr. 10:15)
6. Hierdie mens ly nooit honger nie (Spr. 10:3)
10. Kweperlat (Spr. 10:13)
12. Swakhede, foute (Spr. 10:4)
14. Rigtingloos (Spr. 10:17)
15. Skynheiligheid, sluheid (Spr. 10:32)
16. Droefheid, verdriet (Spr. 10:10)
18. Lewe sonder vrees (Spr. 10:9)



Antwoorde

'n Gedissiplineerde jongmeisie



Marica du Preez

Wanneer jy die woord “dissipline” hoor, dink jy seker dadelik aan die streng onderwyser wat jou waarsku om soet te wees. Maar in die Bybel – en in die lewe – beteken dissipline iets baie mooi:

Dit is om met doel, wysheid en liefde te leef. Barbara Hughes sê in haar boek *Disciplines of a Godly Woman* dat 'n godvrugtige lewe ('n lewe wat wys dat jy 'n kind van God is) nie per ongeluk gebeur nie – dit verg 'n keuse, oefening en toewyding.

DISSIPLINE IS 'N TEKEN VAN GOD SE LIEFDE

Hebreërs 12:6 sê: ... *die Here tugtig hom wat hy liefhet* ... In hierdie gedeelte leer ons dat God deur dissipline sy kind na sy beeld vorm. Wanneer Hy jou leer en lei, wys dit dat Hy besig is om met jou hart te werk.

In jou tienerlewe beteken dit:

- Jy voel skuldig wanneer jy iets verkeerd doen;

- jy leer om keuses te maak wat reg is, al is dit nie gewild nie;
- jy begin verantwoordelik wees vir jou gedrag, jou woorde en selfs jou emosies.

God se liefde verander ons in gedissiplineerde kinders. Hierdie verandering gebeur deur die Heilige Gees wat in ons werk.

DISSIPLINE BOU JOU KARAKTER

'n Godvrugtige meisie is nie veronderstel om net mooi of slim te wees nie, maar innerlik sterk. Dit beteken dat jy jou hart en gedagtes moet oefen, soos 'n atleet sy liggaam oefen.

Hoe doen ons dit?

- Leer om jou gedagtes te beskerm. Waaraan jy dink, vorm wie jy word. Dit beteken om op te let na die tipe sosiale media, musiek en invloede van buite wat jy in jou lewe toelaat. Die wêreld dink nie Bybels nie. Daarom moet Christene leer om

anders te dink – die liefde en waarheid van God te bedink.

- Die kind van God word geroep om doelbewus vir Hom te leef. Elke lewenskeuse bring jou óf nader aan God, óf vat jou verder weg van Hom af. Laat ons bid dat die Heilige Gees ons sal lei in ons lewens.
- Meisies (en seuns) is deur die Here geskep om rein te lewe. Dit beteken om skoon en mooi te wees in ons verhoudings en in ons gesindhede teenoor ander. Ons moet optree soos vroue wat aan God behoort.

Hierdie dinge maak jou innerlik mooi, 'n skoonheid wat nooit verdof nie.

DISCIPLINE WYS JOU DIE REGTE PAD

Psalm 119:105 sê: *U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.* Die belangrikste aspek van dissipline is Bybelkennis: Om God se Woord te lees, te verstaan, en toe te pas. Lééf in jou Bybel!

Hoe kan ons hierdie dissipline toepas?

1. Begin met klein, maar konsekwente gewoontes

Dissipline begin met klein treeë. Begin deur elke oggend tien minute saam met God te spandeer deur Bybelstudie en gebed. Bly

naby aan die Here! Dit is een van die belangrikste stappe om gedissiplineerd te leef.

2. Oefen om “stadig” te reageer

Voordat jy iets sê of op 'n boodskap reageer, vra: “Is dit wys? Is dit liefdevol? Is dit eerlik?” Ons word geroep om na die Woord van God te luister. Dit is goeie dissipline.

3. Vul jou gedagtes met dit wat mooi en waar is

Dissipline beteken nie net om “nee” te sê vir verkeerde dinge nie, maar ook om “ja” te sê vir die mooi dinge:

- Luister na musiek wat opbou;
- lees boeke wat jou geloof versterk;
- kry vriende wat jou help om jou Christelike waardes uit te leef.
- wees verantwoordelik in jou huispligte, skoolwerk en kerkbetrokkenheid.

Begin klein en gaan groot!

As jy vandag klein treeë neem deur met God te wandel, jou gedagtes te beskerm en jou keuses deur die Gees te laat lei, sal jy ontdek dat dissipline nie jou beperking is nie – dit is jou vryheid. Dit is God se manier om jou te help om te word wie Hy jou geskape het om te wees: 'n Jongmeisie, 'n ligdraer vol wysheid en krag.